
DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

# VRYE Weekblad

15 Junie 1989 Tel: (011) 836-2151 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



## Inperkings kortwiek Natal-vrede

Elsabé Wessels

DIE verskerpte optrede deur die minister van Wet en Orde teen swart politieke leiers wat sleutelrolle in politieke bemiddeling speel, kan die sensitiewe vredesonderhandelinge in Natal verongeluk.

Dit is die mening van swart en wit politieke leiers op die vooraand van kritieke ontmoetings tussen die United Democratic Front (UDF) en Cosatu en Inkatha om die kringloop van geweld weens aanvalle en vergelding in Natal te beëindig. Vorige pogings het misluk en geweld in die gebied duur voort. Meer as 1 200 mense is al in die geweldpleging dood.

Dit is die derde keer in minder as 'n jaar dat die regering, net wanneer die partye in konflik op die drumpel van 'n deurbraak is, met optrede teen prominente bemiddelaars ingryp en sodoende die vredesgesprekke in die wiele ry.

Die bekende Natalse leier en beskermheer van die UDF, Archie Gumede, en die UDF-tesourier, Azhur Cachalia, 'n prokureur wat nóú betrokke is by regsaksies in dié gebied, is vandeesweek onder gedeeltelike huisarres geplaas. Die 75-jarige Gumede en Cachalia is sedert verlede jaar ingeperk. Die UDF is in terme van die noodmaatreëls aan bande gelê.

Dit het gister bekend geword dat daar landwyd op politieke leiers en aktiviste toegeslaan is. Die ANC-leier Govan Mbeki, wat verlede week 'n besoek aan Nelson Mandela in die Victor Verster-gevangenis, en die beskermvrou van die UDF, Albertina Sisulu, is ook vandeesweek effektief onder huisarres geplaas.

Die optrede het die vermoede laat ontstaan dat die regering ook vir Nelson Mandela gaan inperk na hy vrygelaat is.

Volgens Cosatu is minstens 70

*Na bladsy 2*

● Vrae om vierde lid van Broederstroom-sel

# Die vermiste kameraad

Jacques Pauw

DIE vierde en vermiste lid van die Broederstroomse ANC-sel was vandeesweek in die "veilige sorg" van die staat terwyl sy drie kamerade in die Pretoriase Streekshof weens terrorisme skuldig bevind is.

Hugh Lugg het van hoogs-opgeleide guerrilla na polisie-informant en staatsgetuie verander nadat hy sy drie makkers verraai het. In sekere ANC-kringe word nou geglo dat hy van die begin af 'n Suid-Afrikaanse spioen was.

Intussen het 'n ongewone ooreenkoms tussen die staat en die verdediging oor die lot van die drie beskuldigdes bekend geword. Na lang onderhandelings het die staat ingestem om die beskuldigdes se pleidooi van onskuld op tien aanklagte van terrorisme en die onwettige besit van wapens en plofstof te aanvaar. Geen getuienis oor die oortredings is gelei nie.

Dit lyk nou asof Lugg se verraad die ANC se militêre planne in Suid-Afrika erg kon geskaad het. Al vyf die oorspronklike lede van die sel is glo noukeurig uitgesoek vir die sending en net die uitvoerende komiteelede van die ANC het van die sel se bestaan geweet.

Damian de Lange, 31, Ian Robertson, 36, en Susan Donelly, 24, het vandeesweek skuld op tien aanklagte van terrorisme erken. Die twee mans is op nóg 'n aanklag van terrorisme skuldig bevind, terwyl De Lange op twee aanklagte van brandstigting en een van poging tot brandstigting skuldig bevind is.

Vier lede van die Broederstroom-sel is om dagbreek op 8 Mei verlede jaar in hegtenis geneem nadat die polisie deur 'n informant van hulle bestaan in kennis gestel is. Dié informant blyk nou Lugg te wees.

Die vyfde lid van die sel, Paul Annegarn, het enkele dae voor die klopjag landuit gevlug. Hy is hierna glo lank in ANC-kampe aangehou omdat vermoed is dat hy ook 'n spioen mag wees.

Vandeesweek het Hugh Lugg nie saam met sy makkers in die hof verskyn nie. Die prokureur vir die verdediging, Peter Harris, het gesê dat Lugg in die polisie se sorg is. Die staat het aan hom gesê dat Lugg staatsgetuie is.

Lugg se naam het nêrens op die klagstaat voorgekom nie en daar is geen aanduiding in die beskrywing van die terreurdade dat hy enigsins daarby betrokke was nie. Tog is sy naam deur die polisie van die begin af aan die sel en hul terreurdade gekoppel.

De Lange, Robertson en Donelly se vinnige skuldigbevinding Maandagoggend het groot verbasing uitgelok en die hofsaak van baie van sy verwagte kleur ontneem. So byvoorbeeld is getuienis ooit aangebied oor waar en by wie die sel al die wapens gekry het nie.

Harris het gesê dat die ooreenkoms met die staat na lang onderhandelings bereik is. "Ons kon nie veel anders doen as om skuldig te pleit nie. Daar was oorweldigende getuienis teen hulle. Die staat het Lugg gehad," het hy gesê.

Die bereidwilligheid van die staat om die beskuldigdes se pleit van onskuld op sekere klagtes te aanvaar, draai rondom sy onwilligheid om hom as getuie te roep, verneem Vrye Weekblad. Dit sou die verdediging geleentheid gee om hom as getuie te kruisondervra. Harris wou nie hierop kommentaar lewer nie.

Dit is onbekend waar Lugg hom nou bevind. Teen druktyd het die polisie nog nie kommentaar gelewer oor waar hy is of wat van hom gaan word nie.

Ná die inhegtenisname van die sel was daar koerantberigte dat 'n lid die sel na 'n liefdesdriehoek tussen homself, De Lange en Donelly sou verraai het. Hy sou glo sy makkers tydens een van sy drafsessies by die polisie by Pelindaba verklap het.

In ANC-kringe word nou vermoed dat hy van die begin af 'n spioen was. Hulle wys daarop dat dit onwaarskynlik was dat 'n lid wat so goed opgelei en toegewyd was, verraad sou pleeg nadat hy reeds by al die terreurdade betrokke was.

Die staat se sensitiwiteit rondom Lugg kan daaruit spruit dat hy moontlik wel 'n spioen was en tog aan die sel se gewelddadige aktiwiteite deelgeneem het. Wie is Hugh Lugg?


*Na bladsy 2*



'Die Jirre het ons hier gegooi' - Bl 10 en 11

Vroue hamer aan kerkdeure - 9

Eerste rondte aan Matie-studente - 3



David Kramer tree op ná die Loop Kaapstad Oop-wandeling verlede Sondag.
*Foto: Eric Miller - Afrapix*

# Eerste rondte aan Matie-studente

**Anton Steenkamp**

LESLEE DURR, Nusas-voorsitter op Stellenbosch wie se skorsing Dinsdag teruggetrek is, se prokureurs sal waarskynlik voortgaan om 'n interdik teen die universiteit aan te vra wat nie net die dissiplinêre maatreëls nie, maar ook die reël teen protesoptogte waarop dit gegrond is, ongeldig verklaar.

Alle dissiplinêre maatreëls wat deur die Universiteitsraad se tugkomitee teen Durr en teen Nusas en die Black Students Organisation (BSOS) geneem is, is Dinsdag teruggetrek om die geleentheid te skep vir 'n herverhoor.

'n Woordvoerder van die "demokratiese studente" het die owerhede se herbesinning as 'n oorwinning beskryf. "Die universiteitsowerhede het hierdeur by implikasie toegegee dat die verrigtinge van die tugkomitee onregverdig en ongeldig was."

Durr se prokureur het gister aan Vrye Weekblad gesê hulle aanvaar nie die geldigheid van die reël wat protesoptogte op die kampus verbied nie.

Die stappe teen Durr, Nusas en BSOS is geneem na aanleiding van hul betrokkenheid by 'n protesoptog vir die oopstelling van koshuise vir alle rasse.

Durr se prokureurs oorweeg dit nou om hulle òf by die nuwe verhoor neer te lê, met voorbehoud van hul regte oor die protesreël, òf voort te gaan met 'n interdik om die skorsings én die reël ter syde te stel.

Die universiteit se prokureurs het in antwoord op briewe van Durr se prokureurs gesê die herverhoor sal geskied deur persone wat nie betrokke was by die vorige verhoor nie, en Durr sal die geleentheid kry om regsverteenwoordiging te hê.

Volgens Durr se prokureurs het die tugkomitee buite hul magte opgetree toe hulle Durr geskors en Nusas en BSOS tydelik verbied het, en was dit 'n onregverdige verhoor.

Die prokureurs was gister in konsultasie met hul advokaat, Jeremy Gauntlett, SC, om oor verdere optrede te besluit.

Intussen het die meeste van die studente wat op 18 Mei aan die protesoptog vir oop koshuise deelgeneem het, dié week waarskuwingsbriewe van die universiteit se registrateur ontvang. Afskrifte is aan hul ouers gestuur.

In die brief word die studente in kennis gestel dat die tugkomitee bevind het dat hulle aan die protesoptog deelgeneem het, "ooreenkomstig inligting wat tot die beskikking van die tugkomitee is (onder andere foto- en videomateriaal)", dat dit 'n oortreding van 'n verbod van die Universiteitsraad is, en dat 'n verdere oortreding kan lei tot summiere skorsing as student.

De Vries het by navraag gesê die foto's is deur universiteitspersoneel geneem. Hy het nooit probeer uitvind wie die persoon was wat die videomateriaal aan hom verskaf het nie.

Twee Afrikaanssprekende kameramanne wat verlede Saterdag besig was om video-opnames van die teenwoordiges te maak toe De Vries 'n afvaardiging van die studente ontmoet het, het by navraag gesê hulle doen vryskutwerk.

Hulle het geen perskaarte gehad nie.

Dieselfde twee het glo vroeër gesê hulle werk vir die SAUK, maar die SAUK ontken dat dié persone beeldmateriaal aan hulle lewer.

Saterdagmiddag het 'n afvaardiging van die Aksie Teen Rassisme 'n petisie, onderteken deur 1 531 studente, dosente en werkers, by Westbrooke aan die Staatspresident, PW Botha, afgelewer waarin hy versoek word om onmiddellik aan alle universiteite die mag te verleen om self hul koshuise vir alle rasse oop te stel.

Afskrifte van die petisie is Dinsdag na die kantore van FW de Klerk, Piet Clase en Gerrit Viljoen gestuur.

Die universiteitshuis waarin Durr saam met vier ander studente woon, is Vrydag- en Saterdagnag met klippe en bottels bestook.

'n Klip wat deur 'n kamervenster gegooi is, het 'n briefie daarby gehad waarop staan: "Ons het julle nie hier nodig nie.

"Dit is net die begin."

Die volgende aand is 'n koeldrankbottel deur die badkamervenster gegooi.

Hulle ontvang die hele week al dreigoproepe. Een persoon het aan Durr gesê: "Oppas as jy sonder beskerming op die kampus of die dorp verskyn."

# Versetveldtog om stede oop te kry

**Anton Steenkamp en AFP**

'n VERSETVELDTOG teen aparte woongebiedwette begin volgende week in Johannesburg.

Sowat 15 organisasies, insluitende wit parlementslede en sakemanne, sal kragte saamspan in die veldtog, en 150 vooraanstaande lede van die wit gemeenskap is genooi om twee nagte saam met die "onwettige inwoners" van Johannesburg deur te bring.

Omtrent 2 000 Kapenaars het verlede Sondag deelgeneem aan 'n "Loop Kaapstad Oop"-wandeling van die Baxter-teater in Rondebosch tot by Distrik Ses.

Onder die mense wat geloop het vir 'n stad sonder groepsgebiede en ander rasse-grense, was die Springbok-krieketspeler Peter Kirsten, die waarnemende burgemeester van Kaapstad, Gordon Olivier, Black Sash-voorsitter Mary Burton, DP-parlementslede Tian van der Merwe en Ken Andrew, en die voorsitter van die Kaapse Balieraad, adv Henri Viljoen SC.

In Distrik Ses het David Kramer, wat saam met sy negejarige dogtertjie geloop het, en die Genuines opgetree.

Toe Kramer gevra is of hy moeg is, het hy gesê: "Ja, vir apartheid."

Die "uitstappie" is gesamentlik aangebied deur die Demokratiese Party, Nusas, die Kaapse Demokrate, die Black Sash en Jews for Justice.

Die Johannesburgse veldtog vir 'n oop stad begin op 22 Junie.

Die doel van die veldtog is die afskaffing van woonbuurt-apartheid, en die oopstelling van Johannesburg se ontspannings-, opvoedkundige en gesondheidgeriewe wat tans vir swartmense gesluit is, sê die organiseerder, Cas Coovadia van Actstop.

Die taktieke in die veldtog sluit pogings in om swart kinders by "slegs blanke" skole in te skryf, swartmense by "slegs blanke" hospitale toegelaat te kry en die eis van toegang tot "slegs blanke" sport- en ander geriewe.

Die organiseerders het 150 vooraanstaande Suid-Afrikaners, insluitende sakemense, koerantmense en geleerdes, genooi om twee dae deur te bring saam met mense wat onwettig in wit buurte woon. Vyftig het reeds ingestem.

'n Geraamde 60 000 swartmense woon nou in die middestad van Johannesburg, en hulle maak 70 persent van die bevolking in die wolkekrabber-gebiede uit.

Hoewel die mense in die stad bly, het hulle nie toegang tot die stad se geriewe nie.

Dit sluit die regeringskole, swembaddens en onderbenutte "slegs blankes"-hospitale in.

Die inwoners kan nie hul regte deur die hof afdwing nie, omdat hul bedreig word deur uitsetting deur die owerhede.

Vorige versetkampanjes is al verbied voor die begindatum. Coovadia sê egter dat hy nie dink die regering kan die veldtog verbied nie, omdat dit die steun van baie vooraanstaande mense geniet.

Die polisie het in April 'n klopjag uitgevoer op die eerste vergadering van die Veldtog vir Oop Stede, beslag gelê op dokumente en die deelnemers beskuldig dat hulle die openbare orde bedreig.

# Man dood ná sokkermoles

'N MAN is Sondag tydens 'n sokkerwedstryd in Pietermaritzburg doodgeskiet toe geweld uitgebreek het ná 'n seuntjie met die bal weggehardloop het.

Die amptelike "onrusverslag" lui soos volg: "By Imbali het 'n groep swartes onwettig byeengekom. Die polisie het rubberkoeëls gebruik om hulle uiteen te jaag. 'n Swartman is noodlottig gewond."

Volgens Sapa het die geweld by die sokkerstadion in Imbali uitgebreek ná die bal oor 'n sinkmuur geskop is. 'n Seuntjie het die bal opgetel en daarmee weggehardloop. Nog 'n bal is te voorskyn gebring en die wedstryd het voortgegaan.

Aan die einde van die wedstryd het 'n jeugdige op die veld gedraf en ook met die bal weggehardloop.

'n Sokker-amptenaar het 'n vuurwapen uitgehaal, in die straat afgehardloop en in die lug geskiet om die jeugdige skrik te maak.

'n Skare het buite die stadion vergader.

Toe die polisie daaropdaag, het 'n man in die skare 'n vuurwapen uitgehaal en op die polisie geskiet. Die polisiemanne het agter hom aangejaag en hom noodlottig gewond.

Die polisie het die voorval bevestig. - AFP

# Krisis by hospitaal duur voort

**Elsabé Wessels**

DIE toenemende personeelkrisis by die JG Strijdom-hospitaal in Johannesburg is steeds onveranderd, het 'n hospitaalbron gister gesê.

Die adjunk-minister van Gesondheid, dr Michael Veldman, het nog nie aangedui wanneer die regering oor die toekoms van JG Strijdom sal besluit nie.

Veldman kon nie vir kommentaar opgespoor word nie.

Die dekaan van die mediese fakulteit aan die Universiteit van die Witwatersrand, prof Clive Rosendorf, sê die regering se verklaring van die JG Strijdom tot 'n "eie sake"-hospitaal sal beslis lei tot 'n inkorting van mediese dienste en die moontlik sluiting van sekere eenhede.

Personeel sal nie meer bereid wees om langer by die hospitaal te werk nie omdat dit ingevolge 'n kabinetsbesluit sy akademiese status verloor het.

Die uittredende superintendent van hospitaal, dr Antoinette van der Merwe, het dié week ontken dat sekere eenhede by die hospitaal moontlik gesluit sal word.

"Hoewel daar verdere bedankings en oorplasings van geneeshere was, is daar geen sprake daarvan dat afdelings gesluit sal word nie.

"Samesprekings is steeds aan die gang en daar sal wel 'n diens verskaf word, al is dit op 'n deeltydse grondslag. Ek kan u die versekering gee dat ek alles in my vermoë sal doen om die diens voort te sit. Daar is tans geen plan om enige eenhede te sluit nie."

# Langenhoven sê nee vir Die Stem

**Charles Leonard**

DIE STEM bevoordeel net 'n sekere gedeelte van die bevolking, en met apartheid wat nog op baie strande geld, kan 'n bruinman mos nie gaan staan en sing: "uit die diepte van ons see" nie, sê Langenhoven.

Dis nou Henry, nie CJ nie.

By die Anglikaanse Sinode wat onlangs in Durban gehou is, het Henry Langenhoven gesê dié volkslied is uitgedien.

"In Die Stem word verwys na die 'kreun van ossewa'. Dit gaan oor die Voortrekkers wat slegs die Afrikaners verteenwoordig," sê Langenhoven. "'n Volkslied moet die hele bevolking verteenwoordig.

"Waar gesing word oor die 'blou van onse hemel' en die 'diepte van ons see', praat mens van God se skepping, wat daar is vir die gebruik van alle mense.

"Met iets soos strandapartheid, mag mense soos ek nie al die strande en die see gebruik nie. Jy kan dít mos dan nie in die volkslied sing nie."

Hy meen die nasionale volkslied moet tot seëning van al die land se mense wees en die hele nasie moet dit met trots kan sing.

"Die belangrikste eienskap wat 'n volkslied moet hê, is dat dit God se seën oor 'n land moet vra. Dit moet ook dien om versoening tussen die mense te bring.

"As Suid-Afrika die dag vry is, sal ek met trots wil kan sê: ons vir jou Suid-Afrika. Met apartheid wat nog bestaan, is dit onmoontlik."

Langenhoven was 'n afgevaardigde van die Kaapse Bisdom by die Sinode, waar besluit is dat die sing van Die Stem op byeenkomste van die Anglikaanse Kerk ontmoedig moet word. Dié besluit het 'n groot debat onder veral Afrikaanse kerkleiers ontketen. Engelssprekende en swart kerkleiers beskou dié lied as "'n seksionele Afrikaner-volkslied".

Nkosi Sikelel 'i Afrika word deur baie Suid-Afrikaners as die werklike volkslied gesien.

"Moontlik is ek en CJ verlangs familie," het die 53-jarige onderwyser aan Vrye Weekblad gesê.

"Daar is nie baie Langenhovens in die land nie en my oupagrootjie is oorspronklik van Holland."

Holiday Inn

OPERATION HUNGER
FR 01 100443 000 5

Holiday Inn

# GOUDSTORMLOOP

KOOP U MEEGEVOEL SERTIFIKAAT *NOU!* (R10)

**6**

EN INDIEN U SO VOEL, SKAKEL IN BY DIE GOUDSTORMLOOP

## 15de MAART 1989 — 1ste JULIE 1989

EERSTE PRYS: **1 MILJOEN RAND**

EN HONDERDE KONTANT PRYSE

2de Prys R100,000
3de Prys R50,000
4de Prys R10,000

12 Pryse R5000
100 Pryse R1000
100 Pryse R500

***Belangrik:** 30% van totale kaartjie verkope indien die doelwit nie bereik word nie.

**STUUR U DONASIE AAN OPERASIE HONGER, POSBUS 31547, BRAAMFONTEIN 2017.**
**STUUR ASSEBLIEF NET GEKRUISDE TJEKS OF POSORDERS, OF VUL DIE KREDIETKAARTAFDELING IN OP HIERDIE VORM.**

VOORLETTERS
VAN
ADRES
POSKODE
TELNR:
KODE

OM DEEL TE NEEM AAN GOUDSTORMLOOP 6 ANTWOORD DIE VRAE ONDER MET 'N KRUISIE.

1. IN WATTER STAD IS OPERASIE HONGER SE HOOFKANTOOR?
JOHANNESBURG | STEELPOORT | HARRISMITH

2. AAN WATTER OSEAAN IS OOS LONDON GELEË?
STILLE | INDIESE | ATLANTIESE

3. KWASHIORKOR IS DIE GEVOLG VAN
VLOOIEBYTE | SONSTEEK | HONGER

OPERATION HUNGER
FR 01 100443 000 5

MERK ASSEBLIEF MET 'N KRUISIE (X) IN BLOKKIE OF U AAN DIE TREKKING VIR GOUDSTORMLOOP 6 WIL DEELNEEM OF NIE. JA NEE

DEBITEER ASSEBLIEF MY VISA/MASTERCHARGE/AMERICAN EXPRESS-KREDIETKAARTE TOT DIE WAARDE VAN R..........

STUUR MY ASSEBLIEF ___ SORGSERTIFIKATE TEEN R10,00 ELK
STUUR MY ASSEBLIEF ___ BOEKIES VAN 10 SERTIFIKATE R90,00 PER BOEKIE.

HANDTEKENING:.......... VERVALDATUM:..........

Brill Bros. K G

# Reël Zaïre 'n spitsberaad vir Pretoria?

Max du Preez

DAAR word druk bespiegel in diplomatieke kringe dat 'n beraad met Suid-Afrika dalk die inhoud is van die "spesiale geskrewe boodskap" wat Zaïre se minister van Buitelandse Sake, Nguza Karl-i-Bond, dié week aan president Robert Mugabe van Zimbabwe en president Kenneth Kaunda van Zambië oorhandig het.

Karl-i-Bond het verlede week met die Suid-Afrikaanse regering beraadslaag. Voor sy vertrek na Lusaka was hy vol lof vir die veranderinge in Suid-Afrika en het hy sy land se kontak met Pretoria verdedig.

Met sy aankoms in Harare het hy volgens die nuusagentskap Ziana gesê: "Ek is deur my president, Mobutu Sese Seko, gestuur om die spesiale en baie belangrike boodskap aan julle president Robert Mugabe te kom oorhandig."

Hy wou egter nie die inhoud van die boodskap bekend maak nie. Hy het net bygevoeg dat hy die boodskap ook aan die staatshoofde van Mosambiek, Tanzanië, Angola en Principe en Sao Tome gaan oorhandig.

Dit is bekend dat die Suid-Afrikaanse minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, al maande lank hard daaraan werk om 'n spitsberaad van Suider-Afrikaanse state te reël waaraan Suid-Afrika sal meedoen.

Sy planne het, volgens amptenare in sy departement, 'n hupstoot gekry met die ontmoetings met Mobutu en sy kollegas tydens die onderhandelinge oor Namibia verlede jaar.

Daar word nou ook bespiegel dat die beraad gekoppel word aan die "nuwe administrasie" wat ná 6 September onder FW de Klerk gevorm gaan word, aan die moontlike vrylating van die ANC-leier Nelson Mandela, en aan die onafhanklikwording van Namibia.

Kaunda het in die laaste paar weke meer as een keer daarop gesinspeel dat hy bereid sal wees om met Pretoria te onderhandel as dié toelaat dat Namibia onafhanklik word.

Volgens die nuusagentskap AFP het Kaunda vandeesweek na onafhanklikheid vir Namibia verwys as 'n "droom wat bewaarheid word" en bygevoeg dat "lande in die streek en ander Statebondslande ná onafhanklikheid gretig sal wees om met Suid-Afrika oor apartheid te praat en saam te werk vir versoening, dialoog en onderhandelinge."

# 'Mense moet hang om plek te maak in dodeselle'

Jacques Pauw

DIE toename in teregstellings in Suid-Afrika is te wyte aan die veertien mense wat die doodstraf in die Upington 25-verhoor gekry het. Mense wat toe in die dodeselle gesit het, moes plek maak vir die nuwe inkomelinge.

Só sê 'n woordvoerder van Regslui vir Menseregte, Shucks Sefanyetso, wat kommentaar gelewer het op die vyftien mense wat binne dertien dae in die Sentrale Gevangenis in Pretoria tereggestel is. Dit is 'n dramatiese toename ná 21 teregstellings gedurende die eerste 104 dae van vanjaar.

Die dodeselle is besig om veels te klein te word, sê Sefanyetso. Die gevangenisowerhede is besig om die dodeselle uit te brei. Maar tot tyd en wyl die nuwe selle gereed is, sal mense moet hang om plek te maak vir ander.

Intussen het dit bekend geword dat ondanks wye publisiteit en kritiek teen die groot hoeveelheid teregstellings in Suid-Afrika, die meerderheid mense van alle rasse steeds ten gunste van die doodstraf is. Daarby is talle ten gunste van die strenger toepassing daarvan.

'n Navorser van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), dr Keith Smith, het landwye navorsing onder die vier hoofbevolkingsgroepe oor die houdings jeens die doodstraf gedoen.

Die steekproef is gedoen ná onder meer biskop Desmond Tutu se pleidooi vir die afskaffing van die doodstraf.

Smith het onder meer bevind dat talle witmense in die huidige klimaat hul houding verhard het en nou meer ten gunste van die doodstraf is as in die afgelope twintig jaar.

Die meeste respondente was ten gunste van die behoud daarvan omdat hulle glo dit dien as afskrikking - ondanks wêreldwye navorsing wat bewys het dat dit hoegenaamd nie die geval is nie.

Volgens Smith glo 74 persent swartmense, 70 persent witmense en 63 persent bruinmense en Indiërs dat misdaad sal toeneem as die doodstraf afgeskaf word.

Byna die helfte van die swartmense, vyftig persent blankes en bruinmense en 52 persent Indiërs glo dat die doodstraf meer gereeld toegepas moet word.

Sefanyetso sê sekere gevangenes is nou vir korter tydperke in die dodeselle voor hul tereggestel word.

So byvoorbeeld is Jacob Ndaba verlede week tereggestel skaars 'n jaar nadat hy ter dood veroordeel is. Dit is uiters vreemd vir 'n veroordeelde om so vinnig tereggestel te word.

"Die laaste vrou is twee jaar gelede tereggestel. Kort na die Upington-verhoor is Sandra Smith tereggestel. Dit lyk vir ons na meer as bloot toeval, veral omdat 'n vrou met die Upington-verhoor die doodstraf gekry het en daar plek vir haar gemaak moes word.

"Daar is gevalle van mense wat gehang word voor hul aansoek tot appèl aangeteken het.

"Ons het verlede week 'n geval gehad van 'n prokureur wat geklaag het omdat hy net 'n dag voor die teregstelling daarvan in kennis gestel is. Dit is byna onmoontlik om op so kort kennisgewing petisies voor te berei.

"Die sewe mense wat verlede week binne twee dae gehang is, het ons oneindige probleme besorg. 'n Mens sukkel om so baie sake tegelyk te hanteer," sê Sefanyetso.

## Verskerpte aanslag teen pers in Suid- en Wes-Kaapland

Charles Leonard

SAAMSTAAN, die Suid-Kaaplandse gemeenskapskoerant, was dié week weer die slagoffer van die staat se aanslag teen die pers in Suid-Afrika.

Die beslaglegging op eksemplare van dié koerant volg op polisie-optrede by die koerant van die Westelike Provinsie Raad van Kerke, Crisis News, waar 1 500 kopieë van die Mei-uitgawe gekonfiskeer is.

Die polisie beweer dat 'n artikel op die voorblad van die jongste uitgawe van Saamstaan drie artikels van die Strafproseswet oortree. Die artikel het gehandel oor die straf wat drie polisiemanne opgelê is na die dood van Andile Kobe van George. Derek Jackson van Saamstaan sê die kommentaar van verskeie organisasies is daarin weergegee.

Byna die hele oplaag van 22 000 was reeds versprei en die polisie kon slegs beslag lê op 374 eksemplare.

Saamstaan was al dikwels in sy vyf jaar lange bestaan die slagoffer van staatsoptrede:

In 1985 is een uitgawe ongewens verklaar. Verlede jaar is Jackson en nog 'n redaksielid, Reginald Oliphant, vir 'n tyd lank ingeperk.

Die koerant is ook ingevolge die noodmaatreëls deur die minister van Binnelandse Sake, Stoffel Botha, gewaarsku. Verskeie onsuksesvolle pogings is aangewend om die koerant te konfiskeer.

Saamstaan was ook die slagoffer van vigilante-optrede deurdat hulle drie keer probeer het om Saamstaan se kantore af te brand.


Verlede jaar het dié koerant die Pringle-toekenning vir uitmuntende joernalistiek verower.

Crisis News se kantore is op 1 Junie deur lede van die veiligheidspolisie besoek, en nadat hulle die kantore deursoek het, is 1 500 eksemplare van dié koerant gekonfiskeer.

'n Woordvoerder van Crisis News - met 'n oplaag van 40 000 - het aan Vrye Weekblad gesê dat dit nie eerste maal is dat beslag gelê is op hul koerant nie. In die verlede het hul posintekenare, soos ook met die jongste uitgawe, nie hul eksemplare ontvang nie. Dit, nadat die koerant reeds aan hulle gepos is.

In 'n verklaring het die Wes-Kaaplandse tak van die Red die Pers-veldtog gesê dat dié beslagleggings vrese wek van 'n nuwe veldtog teen die pers.

# Sakemense moet regering druk - Morobe




**Murphy Morobe - voormalige publisiteit-sekretaris van die UDF** *Foto: Steve Hilton-Barber - Afrapix*

Anton Steenkamp

DIE sakegemeenskap moet bereid wees om druk op die regering te plaas vir verandering, het Murphy Morobe, voormalige publisiteitsekretaris van die UDF, verlede week aan 'n groep sakemanne by 'n seminaar in Johannesburg gesê.

Sakemanne moet verder beweeg as paternalistiese lippediens en hul invloed gebruik om kwessies soos onderwys, die Groepsgebiedewet, aanhouding sonder verhoor, die noodtoestand en persbeperkings aan te spreek, het Morobe gesê.

Apartheid is die ergste vyand van die Suid-Afrikaanse politieke ekonomie, en 'n sielkundige transformasie is noodsaaklik.

Vakbonde moet erken en aangemoedig word - dit is beter om met georganiseerde werkers as met ongeorganiseerde werkers te onderhandel, volgens Morobe.

Op 'n praktiese vlak beteken dit ook dat sakeleiers met die opleiding van werkers moet help.

Hulle moet aktief deelneem aan die veldtog om weg te doen met kleur as 'n kriterium vir indiensneming, bevordering en vergoeding.

Daar is 'n dringende noodsaaklikheid vir verandering in ons geliefde land, het Morobe gesê. Die land is besig om teen 'n snelweg van ekonomiese, politieke en sosiale chaos af te jaag.

Die Nasionale Party weet wat hulle moet doen om dit te verhoed - maar het hulle die moed om dit te doen? het Morobe gevra.

Vir hom is die vraag nie meer of nie-gewelddadige verandering moontlik is nie, maar tot hoe 'n mate geweld beperk kan word.

Dit hang grootliks daarvan af of mense enigiets kan doen om die proses van transformasie aktief aan te help.

Die onsekerheid en gebrek aan vertroue in die sakegemeenskap is volgens Morobe veral te wyte aan die rasse-oorheersing van die politieke en ekonomiese instrumente in Suid-Afrika.

Die meeste Suid-Afrikaners probeer nog loskom van wat hulle ervaar as 'n sameswering van die sakegemeenskap en die apartheidsregering in hul onderdrukking.

Tot baie onlangs was dit onmoontlik om 'n sakevennootskap met swartmense te sluit. Nou nog mag swartes nie handel dryf in sekere ras-gedefinieerde gebiede nie.

Swartmense moes lank veg vir die erkenning van vakbonde, en kry nog steeds met baie vyandigheid teen selfstandige vakbonde te doen.

Die sosiale omstandighede en tweedeklas-onderwys waaraan hulle al die jare onderwerp is, dra by tot dié siening van die sakegemeenskap.

Die ekonomiese probleme wat Suid-Afrika tans ondervind, is toe te skryf aan apartheid, volgens Morobe.

Die regering het belowe om sy eie uitgawes te besnoei om inflasie te probeer bekamp. Dié belofte is kort daarna verbreek toe staatsamptenare se salarisse verhoog is. "Ons het te doen met 'n oneerlike regering," het Morobe gesê.

**The U.S. Information Service**

is seeking a switchboard operator/receptionist, available to work from 8 to 5, Mondays to Fridays. High school education and fluency in English are required, any second or third languages would be helpful. Typing and familiarity with standard office equipment preferred.
The successful applicant must enjoy dealing with the public (both in person and by phone), be flexible and able to work under pressure.

Contact the administrative assistant at (011) 29 3451, for an application form.



**JODAC**

**16 Junie**

Ons huldig Nasionale Jeugdag.

Soos 1 Mei behoort dit 'n openbare vakansiedag te wees


# Boere vra verbod op onkruid-doders

**Anton Steenkamp**

NATALSE boere gaan in 'n aansoek teen 22 groot chemiese maatskappye vra dat alle hormoon-onkruiddoders verbied word totdat bewys kan word dat die gebruik daarvan veilig is.

Nadat van die boere verliese aan hul oeste gelei het, wat hulle aan die invloed van hormoon-onkruiddoders toeskryf, het die Natalse Varsprodukte-kwekersvereniging en twee boere, Roger Evans en Manfred Wild, 'n aansoek teen die maatskappye gebring. Dit sal op 30 Junie voor die Natalse Hooggeregshof in Pietermaritzburg dien.

Intussen is die gebruik van dié onkruiddoders, wat na bewering maklik versprei word en tot vervormings en groeibelemmering van plante kan lei, reeds verbied in die Tala-vallei in Natal.

Van die groot maatskappye wat gedagvaar word, is Ciba-Geigy, Bayer, Agricura en Sentrachem. Die boere beweer dat hulle verliese van meer as R3 miljoen gely het.

Evans kon dié week nie kommentaar lewer op die verloop van die saak nie, aangesien dit sub judice is.

Navorsers aan die Universiteit van die Witwatersrand se Instituut vir Ontwikkelingstudies sê die onkruiddoder ter sprake - 2,4D - het meer as 20 jaar gelede al die oeste op 'n plaas op die noordkus van Natal uitgewis.

Charles en John James het op die plaas Canelands, naby Verulam, geboer toe 2,4D in 1966 op 'n naburige suikerplantasie gesproei is. Hul tamatie-, papaja-, mango- en pynappeloeste is daardeur vernietig.

Die eienaars van die suikerplantasie het buite die hof geskik om aan die boere skadevergoeding te betaal.

Volgens boere in die Tala-vallei naby Camperdown het oeste in dié gebied gefloreer totdat die sproei van hormoon-onkruiddoders 'n paar jaar gelede van naburige suikerplantasies oor hul landerye uitgesak het. Hulle beweer dit het vervormings tot gevolg gehad en verhoed dat die groente normaalweg groei.

Dis nie net groente en ander plante wat deur 2,4D bedreig word nie - die gifstof is ook vir mense gevaarlik.

Navorsers in Swede en die VSA het bevind dat boere wat 2,4D gebruik agt keer meer vatbaar is vir drie soorte kanker as mense wat nie met die gifstof in aanraking kom nie.


# The Weekly Mail doesn't cut corners to uncover the realities behind a changing South Africa.

WHAT'S STOPPING YOU ?


☐ Please send me a free copy of The Weekly Mail.
☐ I enclose my 6-month / 12-month subscription of R ______

Name: ______

Address: ______

Code: ______ Telephone: ______

| Subscriptions | 6 months | 12 months |
|---|---|---|
| Home deliveries in Johannesburg, Pretoria, Cape Town, Durban, P.E. & Grahamstown. | R39 | R74 |
| Postal deliveries in South Africa, the homelands and Namibia. | R39 | R74 |
| Airmail to Zimbabwe. | R46 | R82 |
| Airmail to Botswana, Swaziland, Lesotho, Zambia, and Mozambique. | R105 | R195 |
| Airmail to United Kingdom. | R130 (£33) | R235 (£60) |
| Airmail to U.S.A., Europe, Australia and elsewhere overseas. | R165 (US$66) | R295 (US$120) |



All you have to do is send off this coupon, and a free copy of The Weekly Mail is yours.

(Or peruse the subscription rates alongside, complete this coupon accordingly and be sure to post off to The Weekly Mail, P.O. Box 260425, Excom, 2023.)

And you too can see South Africa from a more realistic angle.




The paper for a changing South Africa.

HUNT LASCARIS T


## Udusa beloof R20 000 vir inligting oor Webster

'N BELONING van meer as R20 000 is deur hoofsaaklik personeellede van die Universiteit van Witwatersrand beskikbaar gestel vir enige inligting wat sal lei tot die inhegtenisname en veroordeling van David Webster se moordenaars.

Die algehele beloning is nou byna R50 000. Die beloning is deel van 'n veldtog van die Union of Democratic University Staff Associations (Udusa) wat poog om die moontlikheid dat die moordenaars gevang word, te verhoog. Daar word verwag dat meer universiteitspersoneellede van ander universiteite hulle tot die beloning sal verbind.

Ongeveer 60 Suid-Afrikaners is onder soortgelyke omstandighede vermoor. Volgens die polisierekord lyk dit onwaarskynlik dat die moordenaars gevang sal word. Dit is reeds ses weke sedert die sluipmoord op Webster en daar is tot dusver nog geen positiewe leidrade nie.

'n Verbintenis tot die beloning is 'n poging om mense te lok vir inligting wat sal lei tot die inhegtenisname en veroordeling van David Webster se moordenaars. Die verbintenis dien ook as simbool van die ontsteltenis oor die moord op Webster. Die insameling van verbintenisse word voortgesit en lede van die publiek en maatskappye is welkom om hulle deel by te dra. Verbintenisvorms kan verkry word deur te skryf aan die Eretesourier, UDUSA, Wits 2050, of deur (011) 716 2864 te skakel.

# ‘Vrye spraak binne akademiese raamwerk’



Prof Mike de Vries

**Prof Mike de Vries is sedert 1979 rektor van die Universiteit van Stellenbosch, en is pas weer aangewys vir nog 'n termyn van vyf jaar. Hy is ook die voorsitter van die Tugkomitee wat Nusas-voorsitter Leslee Durr geskors en die aktiwiteite van die studenteverenigings Nusas en die Black Students Organisation (BSOS) tydelik opgeskort het oor hul aandeel in 'n protesoptog vir die oopstelling van koshuise vir alle rasse. Protesoptogte op die kampus is in 1985 in 'n Raadsbesluit verbied. ANTON STEENKAMP het op Stellenbosch met De Vries gesels.**

**WAAROM het die tugkomitee teen Leslee Durr opgetree en nie teen ander mense wat in die protesoptog betrokke was, soos Johan de Lange, die BSOS-voorsitter, of Theo Adams, die primarius van Goldfields, nie?**

Waar die saak nou in die hande van die regsverteenwoordigers is, beskou ek dit as sub judice en kan ek ongelukkig geen kommentaar lewer oor enigiets wat die tugkomitee betref nie.

**Watter kriteria sal toegepas word om te beslis of Nusas en BSOS ná vier maande weer toegelaat sal word om as studente-verenigings te registreer?**

Normaalweg berus dit by die Studenteraad.

**Is u persoonlik ten gunste van die oopstelling van koshuise vir alle rasse?**

Ja, maar dit is nie 'n besluit wat in my hande rus nie. Die Universiteitsraad self moet daaroor besluit, en dan moet ons die nodige goedkeuring kry, soos ons wel gekry het in die geval van die twee koshuise op Tygerberg.

**Hoe vorder u onderhandelinge met die regering hieroor? Is dit moontlik dat hulle die Presidentsraad se aanbeveling (dat universiteite self oor behuising op die kampus kan besluit) sal aanvaar?**

Daar is lopende onderhandelinge aan die gang oor 'n redelike lang tydperk en die gesprek is in dié stadium waar ek nou eers saam met die voorsitter van die Universiteitsraad, dr DP ("Dik Dawid") de Villiers, sal moet terugrapporteer aan die Raad op 23 Junie. Die Raad moet dan 'n beginselbesluit neem.

**U het gesê die kwessie rus nie in u hande nie. Volksraadslid Jan van Eck sê juis dat u die mag het om iets omtrent oopstelling te doen.**

Dit is nie korrek nie. Dis beslis nie in my hande alleen nie. Dis selfs nie in die hande van die Universiteitsraad as sulks nie. Dit sou beteken dat jy huidige wetgewing eenvoudig moet oortree.

**En sal u bereid wees om dit te doen, soos tans op ander Engelse kampusse die geval is?**

Ek dink ons sou verkies om dit nie te doen nie. Dit was nog altyd ons styl om deur onderhandelinge dinge deur te voer.

**En as die onderhandelinge onsuksesvol is?**

Dit is waaroor ons nou juis in indringende gesprek met die Universiteitsraad moet tree.

**Het die Raad finale seggenskap oor kampusaangeleenthede?**

Die Universiteitswet bepaal dat die Universiteitsraad die geboue en terrein van die universiteit beheer.

**Wat op die kampus gebeur, weerspieël tot 'n mate wat in die res van die land aan die gang is in protes teen die Groepsgebiedewet. Het politieke gebeure in breë landsopset 'n groot invloed op wat op die kampus gebeur, en omgekeerd?**

Dit is iets wat 'n mens moet verwag. Gebeure in die breë landsopset het wel 'n invloed op denke en gesprekke en moontlike gebeure op 'n universiteitskampus. Jy sit nie hier in 'n ivoortoring waar jy totaal geïsoleerd kan wees nie.

**Die kritiek op universiteite, en spesifiek op Stellenbosch, is dikwels juis dat dit as 'n ivoortoring beskou word waar kwessies in die land, byvoorbeeld dat ons pas 'n vierde noodtoestand binnegegaan het, nie gereflekteer word nie.**

In 'n baie groot mate hou studente en dosente hulle besig met die beoefening van hul wetenskap en daardeur is hulle miskien nie altyd so betrokke by ander dinge wat nie spesifiek op hul vakgebied betrekking het nie. In 'n sekere sin is dit waar. As jy na Stellenbosch se geskiedenis kyk en veral na die laaste paar jaar, is daar egter ook geweldig baie debatte rondom landsgebeure. Hier is 'n baie lewendige debat onder studente en onder dosente. U weet self hier tree sprekers op van oor die hele breë spektrum van die politiek in Suid-Afrika, en studente word blootgestel aan die verskillende denkrigtings. Ek beskou dit as gesond.

**Is dit nie 'n onderdrukking van spraakvryheid om vreedsame protesoptogte te verbied nie?**

Ek dink dis 'n onregverdige aantyging. Deur vergaderings te hou, selfs protesvergaderings, waar gedagtes ten volle uitgespreek kan word, en dit dan deur middel van mosies of hoe ook al deur die regte kanale aan die universiteit te oorhandig, kan spraakvryheid uitgeleef word. Daar het ons geen beperking nie.

**Wat van die verbod op die ECC op die kampus in 1986?**

Dit was 'n verbod op die gebruik van die universiteitsgeriewe. Hulle kon steeds lede werf, individueel met ander mense gesels en dies meer. Wat wel 'n argument is, is dat dit 'n inperking was van vrye assosiasie as vereniging. Die groot ding is egter, dit was 'n kampanje, dit was nie 'n vereniging as sulks nie. Ek sou die AWB onder dieselfde kam skeer.

**Op watter gronde is die verbod op protesoptogte in 1985 ingestel?**

Een rede is dat dit ontwrigtend kan wees vir die akademiese program op die kampus. Die tweede rede is dat dit nie pas binne die omgewing van die universiteitsatmosfeer om op so 'n wyse jou gevoelens weer te gee nie. Jy kan dit binne die akademiese raamwerk, by wyse van gesprek, mosies, briefwisseling, al die bestaande gesprekskanale oordra. Derdens lei so iets tot teenreaksies wat ook onaangename insidente kan veroorsaak.

U was self betrokke in die 1985-optog, toe ek moes keer dat 'n groep koshuisstudente die studente in die optog gaan invlieg. Nou het dit weer amper hand-uit geruk. Ons het ook opgetree teen die studente wat ons kon identifiseer wat betrokke was by 'n eiergooiery.

**Daar word vrae gevra oor waar u die video- en fotomateriaal gekry het waarop mense wat aan die optog deelgeneem het, geïdentifiseer is.**

Die foto's is deur ons eie mense geneem. Dit was eintlik genoeg om 99 persent van die studente te identifiseer.

**En die videomateriaal?**

Die video is aan my verskaf van 'n bron af wat ek nooit eers vasgestel het van waar hy kom nie - hier was so baie video-kameras. Ek het net een keer daarna gekyk, maar dit was eintlik nie nodig nie.

**Daar is ook aantygings gemaak dat inligting by u uitgekom het wat nooit in die breë vergaderings genoem is nie, maar net in 'n klein groepie van ses tot agt mense bespreek is - byvoorbeeld die moontlikheid van 'n akademiese boikot.**

Ek kry inligting uit verskillende bronne sonder dat ek daarvoor vra. Dié inligting het ek gekry, skynbaar via studente. Aan wie hulle dit presies toe oorgedra het, dit weet ek nie. Een van hulle het waarskynlik na buite gepraat. Laat ek een ding duidelik maak: Ek het geen spioene wat vir my werk nie. Maar baie ander mense op die kampus het hul oor op die grond, beter as ek, en hulle laat weet my van dinge wat hulle dink ek behoort te weet.

**Is daar op die oomblik tweespalt op die kampus oor die onlangse gebeure?**

Daar is redelike sterk polarisasie. Daar is sterk gevoelens teen die gebeure van die laaste tyd. Op die oomblik gaan lê die dinge egter tot 'n groot mate, want die eksamen is in volle swang.

**Het die sowat 660 swart studente op die kampus enige invloed gehad op ander studente se politieke sienswyses?**

Ek weet nie, dis iets wat ek moeilik kan antwoord. Wat 'n mens probeer, is om op 'n kampus begrip en verdraagsaamheid te kweek vir verskillende standpunte, verskil van mekaar op 'n wyse soos dit by 'n akademiese inrigting pas, by wyse van woord en debat. Ek wil graag vrye kommunikasie sien tussen alle studente, van alle verskillende oortuigings. Dis 'n slypproses.

In Suid-Afrika is dit belangrik dat ons vrese oorkom, en daarin kan die universiteit 'n rol speel.

**Sommige studente meen dat u bereid is om in debat te tree en oop is vir 'n kwessie soos oop koshuise, maar dat u onder druk is van regeringskant en regeringsbeleid voorop stel.**

Jy opereer binne bestaande wette. Jy kan ook chaos skep as jy buite dié wette begin opereer. As jy met dinge wat in wetgewing staan, nie saamstem nie, kan jy sekerlik jou stem laat hoor, maar dit beteken nie jy gaan die wet verbreek nie.

**Is daar enige moontlikheid dat die verbod op protesoptogte afgeskaf kan word?**

Ek gaan die Raad vra om net weer te kyk na die besluit van 1985. Dit beteken nie dat ek sê die verbod op protesoptogte moet afgeskaf word nie, maar dat jy moontlik kan kyk na ander vorms van protes. Daaroor sal die Raad moet besluit. Ek is oop vir 'n gesprek daaroor.

# ‘Protes 'n fundamentele reg’



Leslee Durr

**Anton Steenkamp**

STEUN vir Nusas op Stellenbosch het skerp toegeneem sedert 1985, toe die plaaslike tak gestig is, sê Leslee Durr.

Hulle het begin met 'n bietjie meer as 'n honderd lede. Vandag reken sy op die aktiewe steun van 1 500 studente.

Dié 21-jarige filosofiestudent, afkomstig van 'n plaas buite die Paarl en op haar dag hoofmeisie van La Rochelle, is gesteld daarop dat Nusas nie bestaan uit 'n "handjievol radikale" nie, maar uit gewone mense wat bekommerd is oor die land se toekoms en die voorkoms van rassisme op die kampus.

Wat van die kritiek dat Nusas "anti-alles" is en niks positief doen nie?

"Dis 'n afgesaagde argument wat gebruik word omdat daar niks anders teen ons te sê is nie," sê Durr. "Ons staan juis vir 'n ideaal - 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika."

Sy vertel van die positiewe projekte waarmee Nusas op Stellenbosch besig is - studente wat Saterdae opoffer om vir skoolkinders in Kaya Mandi, die township buite Stellenbosch, ekstra klasse te gee, 'n leerskema saam met die Stellenbosch Youth Congress (Steyco), hulp en advies aan haweloses.

"Ons het juis dié Saterdag, op Kinderdag, 'n gesamentlike projek met BSOS en die AME-kerk vir die kinders. Ons gaan vir hulle stories vertel en vermaak om Kinderdag te vier, en al die laerskole op Stellenbosch is uitgenooi."

Ook die swart studente in BSOS werk nou saam met Nusas. Rassisme op die kampus, soos dit onder meer tot uiting kom in aparte koshuise, het 'n regstreekse invloed op hulle, wat tot groter bewuswording onder ander studente lei, sê sy.

Het die ANC-besoek van 'n groep Maties vroeër vanjaar en die verbod op die Voëlvry-konsert enige invloed gehad op die protes teen rassisme en vir oop koshuise?

"Nie direk nie, maar die studente het wel moeg geraak vir administrasie se houding om studente soos kinders te behandel. Mike de Vries tree soos almal se pa op."

Durr verwys ook na seksisme op die kampus, en die feit dat daar aan ouers briewe geskryf is om oor die inkomtye vir vrouekoshuise te besluit. "Die studente is siek en sat vir die paternalistiese houding van die universiteitsowerhede."

Is 'n protesoptog die regte manier om griewe te lug?

"Daar word al jare lank probeer om deur die sogenaamde regte kanale koshuise oopgestel te kry," sê Durr. "Mike de Vries het hom al tien jaar gelede daartoe verbind, en niks het verander nie. 'n Protesoptog was die laaste vorm van vreedsame protes. Vreedsame protes is 'n fundamentele reg."


Nusas-Stellenbosch het ook kontak met demokratiese organisasies op ander Afrikaanse kampusse, maar hulle het dikwels probleme om 'n politieke tuiste te vind, sê Durr. Op verskeie van dié kampusse word Nusas nie toegelaat om takke te stig nie.

Is dit waar dat Idasa 'n groot invloed op Afrikaanse kampusse het?

"Dis ongeldig. Studente kan vir hulself dink. Dit geld nie eens finansiële hulp nie. Nusas-Stellenbosch het nog nooit 'n sent van Idasa ontvang nie."

# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

**Ons werk om nou 'n verskil te maak.**



# Geselsies oor koffie maak plek vir koeëls

**Lospraatjies** deur Fanie Olivier

VANJAAR se verkiesingsveldtog is nog nat agter die ore, maar ek voorspel dit gaan 'n lang, bitter winter wees wat voorlê. Teer en veer lyk na baie mense se voorland, en mense wat lospraatjies maak, sal maar moet ligloop vorentoe.

Die eerste tekens sien ek nou die dag toe 'n lekker koffie-en-gesèls-maat plegtig op kantoor kom versoek: "Asseblief - kom ons kom ooreen om in die toekoms nie politiek te praat nie."

So gesê, so gedaan. Maar ek moet sê dat ek baie spyt daaroor was toe die uitslag van die munisipale tussenverkiesing in Linden in Johannesburg kom. Dit was so of die koue daardie volgende oggend soos swartryp op my kollega se gesig kom sit het!

Politiek in hierdie kontrei is 'n ernstige saak, én bedrywig. Alles lééf hier. Die AWB vergader in die laerskoolsaal en dreig om die revolusie op die sypaadjie te ontmoet en voor sy verbod kom 'n nuuskierige handvol luister na die BBB se onverbloemde rassisme.

(Dié steek toevallig weer kop uit in die posbus onder die dekmantel van WIT-RAS WAARHEID WEN, die WW. "Gaan daar lig op vir u Witman? Begin u te sien hoe diabolies hierdie mooiklinkende planne van `menseregte' en `vrye vestigingsgebiede' is! Die outeurs hiervan is in hedendaagse taal `redelike mense'. In verstaanbare Afrikaans beteken dit platweg verraaiers en kafferboeties! SATANS UIT DIE HEL!")

Hoe alive and well and living in Levubu dié mentaliteit is, voel ek nou die aand weer aan die lyf (amper!) by 'n KP-vergadering. Na die rustige Bybelsgefundeerde volkere-toespraak van 'n Potchefstroomse professor, raak ons aan die praat oor koffie. (Vooraf, soos hier die gebruik is, 'n wonderlike vleisbraai.)

Eers bedank ek die professor vir sy mooi Afrikaans, al is ek die vyand. Ons praat so 'n bietjie oor Afrikaans in 'n swart meerderheidstaat, en ons verskil - soos dit hoort!

As ek wil loop, vra een of ek nie so 'n bietjie wil gesels nie. Sulke dinge het hulle waarskynlik nog nooit persoonlik gehoor nie en die kans om 'n liberalis van aangesig tot aangesig te sien, is so onwaarskynlik as dat Naas Botha vir die dorpspan sal uitdraf.

Nou word daar dop gemaak, en 'n mens moet seker weet... Die gesprek verskuif na die gebruiklike "Het jy kinders?" en dan "Sal jy dat hulle met 'n .... trou?"

Die gesprek se bakens verskuif. Die redelike kroegman word verdring deur 'n sterk boer met haat in sy oë. As ek glimlag oor 'n opmerking van hom, antwoord hy: "Ek moer jou, hoor!"

"Nee wag nou, man. Ons praat lekker," kap die kroegman teë en begin praat oor die verkiesing. Oor wie waar stem, en hoekom.

En weer: hoekom is ek by hierdie vergadering? Weer lê ek uit oor die demokrasie soos ek dit verstaan en hoe waardevol menings van almal is. Dat ek glo 'n mens altyd redelik kan en moet gesels, veral met diegene van wie jy die meeste verskil.


Hiervandaan loop die gesprek afdraand by die vriend met die oë. Praat met die ANC, mag nie, want hulle is in naam reeds die ANtiChris en heul met valse Christene soos Tutu, Boesak en Heyns.

"Jy is my en my volk se vyand," besluit die vriend. "As ons weer stem, stem ons met koeëls. En vir jou bêre ek 'n patroon in my sak."

Dis toe dat 'n vrou intree en sê: "Meneer, ek dink jy moet nou maar loop. Asseblief."

Nou nog meen ek dis die verstandigste opmerking wat ek daardie aand gehoor het...

Met die eerste oogopslag lyk die skets hieronder na 'n wit vaas (Of sien u 'n silhoeët van twee gesigte?)



Dis presies die punt: ons sien dinge nie altyd uit dieselfde perspektief nie.

Ook nie wat die toekoms van ons land betref nie.

Ons by Anglo American glo die enigste manier waarop hierdie verskille oorkom sal kan word, is om met mekaar te praat: as gelykes.

Van aangesig tot aangesig.

AAC
ANGLO AMERICAN CORPORATION
OF SOUTH AFRICA LIMITED

HUNT LASCARIS TBWA 88110132

Jameson's
95A COMMISSIONER ST.

Vry, Sat & Son — Wire to the Floor

Dins, Woens & Don — Peto

Tel: 836-6002/838-1769

# Só praat 'n jong leeu

**Vir die swart jeug van Suid-Afrika het 16 Junie die Nasionale Dag van die Jeug geword. In dié onderhoud praat Peter Mokaba, voorsitter van die verbode SA Youth Congress, oor dié emosionele herdenking en gee 'n insiggewende blik op die denke en strategieë van jong aktiviste in die townships. Mokaba is onlangs uit aanhouding vrygelaat. Die onderhoudvoerder is 'n verslaggewer van New Nation.**



**Peter Mokaba, voorsitter van die verbode SA Youth Congress**

**HOE belangrik is 16 Junie vir Suid-Afrika?**

Dertien jaar gelede het die hele onderdrukte gemeenskap in opstand gekom teen die regime. Derduisende mense is afgemaai omdat hulle hul vryheid geëis het.

Maar die politieke bewussyn van die mense is vir altyd gevorm deur die gebeure wat op 16 Junie 1976 begin het.

Vandag is 16 Junie bekend as Nasionale Dag van die Jeug vanweë die heldhaftige opofferings van die jongmense daardie dag. En vandag is die jeug sterker as ooit met 'n beter ontwikkelde politieke bewussyn.

Die jeug het 'n sleutelmag in die stryd geword, in die gemeenskap en in die vakbonde.

**Wat is jou boodskap aan die jeug op 16 Junie?**

Ons moet hulde bring aan ons gevalle helde deur die enigste wapen wat ons het, te slyp. Dit is organisasie.

Die noodtoestand het probeer om ons oneffektief te maak, en ons het terugslae gehad. Maar ons moet elke plaaslike tak weer op die been bring en ons organisasies uitbou. Ons moet bewustelik sterk aktiviste en leiers vorm ter voorbereiding van die komende gevegte.

Die jeug het reeds begin hergroepeer in kleiner eenhede wat vinniger kan beweeg. Die proses moet voortgaan, maar dit moenie die demokratiese metodes van organisasies, wat noodsaaklik is vir die gesonde voortbestaan van die organisasies, versmoor nie.

**In hoeverre het die noodtoestand en die Staatsveiligheidsraad se gesamentlike bestuurstelsel (GBS) daarin geslaag om weerstand teen apartheid te breek?**

Die noodtoestand en die Gesamentlike Bestuurssentra het misluk omdat hulle geen steun kry van die onderdrukte en uitgebuite mense nie.

Hoewel die noodtoestand daarin geslaag het om sekere vorms van ontevredenheid te verwyder, is die ontevredenheid self nie verwyder nie. Hulle het nie daarin geslaag om die politieke bewussyn van die massas, wat in die stryd ontwikkel is, weg te neem nie. Hulle sal dit ook nooit regkry nie.

Selfs onder die noodtoestand is die plaaslike raad in Soweto, wat deur die staat ingestel is, gedwing om die mag van die gemeenskap te erken wat geweier het om huur te betaal en gedwing om te onderhandel met hul verteenwoordigers, die Soweto People's Delegation (SPD).

Selfs vandag nog hou die SPD vergaderings om kwessies in Soweto te bespreek, en die regering kan dit nie keer nie.

Die staatsveiligheidsraad se bestuurstelsel is 'n stelsel wat uit krisis gebore is. Soos die krisis verdiep, sal die stelsel sink.

Die GBS het uit die Staatsveiligheidsraad ontwikkel, wat in 1972 gestig is. Toe PW Botha die bewind in 1978 oorgeneem het, is dit verhef van 'n adviesliggaam tot die liggaam wat die werklike mag in die land het; die ware regering van die land.

In die laaste tien jaar van die Botha-era was die staat se denke gegrond op die aanname dat Suid-Afrika deur 'n "totale aanslag" bedreig is.

Net langs ons het Mosambiek oor sosialisme gepraat. Die stryd het van die Kunene na die Zambezi verskuif, toe tot teen die Limpopo met die vryheid van Angola, Mosambiek en Zimbabwe.

Terselfdertyd het 'n nuwe koalisie van klasse-alliansies in die wit gemeenskap ontstaan. Party van hulle wat die kleinburgerstand van 1948 was, het nou voluit kapitaliste geword. Onder die oorheersing van Afrikaner-monopolie-kapitaal kon die Nasionale Party (NP) nie langer die belange van alle Afrikaners dien nie.

Dit het gelei tot skeuring in die Afrikanerdom en die stigting van die Konserwatiewe Party (KP), wat ondersteun word deur wit boere en die wit werkersklas.

Daar is ook verskille binne die regering self oor wat volgende gedoen moet word. Botha se vordering van minister van Verdediging tot eerste minister tot president, het die konflik tussen die militêre establishment en die ander veiligheidstrukture verskerp. Dit was in der waarheid 'n vorm van militêre staatsgreep.

Die Boere het ook in 1976 die ergste opstande beleef, en in die tydperk daarna is meer internasionale aandag op Suid-Afrika gevestig.

Die sport- en kultuurboikotte is strenger toegepas, en in 1978 het die Verenigde Volke Resolusie 435 aanvaar wat die weg vir vryheid vir Namibia gebaan het.

Al die gebeure lê agter die idee van 'n "totale aanslag", en die opkoms van 'n nuwe blok in die regering, die "sekurokrate", wat meer op spiere as verstand staatmaak.

Dit was in 'n poging om die krisis te beheer dat die GBS-strategie ontwikkel is en die strategie van hervorming, gekoppel met groter onderdrukking, die lig gesien het.

Die hele GBS-strategie was sonder 'n stewige politieke basis. Die strategie het erken dat apartheid geen toekoms het nie, maar het ook besef dat die aftakeling van apartheid die einde van wit bevoorregting sou beteken en die hoop van die onderdruktes sou laat opvlam.

Dit het beteken dat groter sekuriteit nodig was om wit voorregte te beskerm terwyl die hervormingsprogram in posisie geplaas word.

Op die basis van Malan se 80/20 persent-ontleding, was hervorming 'n poging om die mense te kalmeer, nie om hulle probleme op te los nie.

Dit doel was om die aspirasies van die onderdruktes te frustreer en 'n valse indruk van verandering te skep.

Die hervormingsprogram móés egter sukkel en misluk, omdat die enigste maatstaf om te oordeel of vryheid en demokrasie regtig bereik is, die manier is waarop die mense elke dag leef, wat nie deur hervorming verbeter is nie.

Deel van die GBS se kalmeringsprogram was die instelling van die driekamerstelsel, wat presies die teenoorgestelde uitwerking gehad het omdat dit die verwagte konflik tussen die onderdruktes en die magshebbers laat ontvlam het.

Die strategiese inisiatief het verskuif na die onderdrukte massa, en hulle het organisasies begin bou wat plaaslike griewe gekoppel het aan nasionale eise, en in besonder aan hul gebrek aan politieke mag.

Die nuwe gees van weerstand onder die onderdruktes, wat uitdrukking gekry het in die geboorte van die United Democratic Front (UDF), het die probleme van die staat met die implementering van sy kalmeringsprogram vererger, en gelei tot groter geweld deur die staat.

Die Gesamentlike Bestuurskomitees (GBK's) - plaaslike takke van die GBS - kon nie ingestel word totdat die staat beheer oor die situasie herwin het nie.

Die staat het toe 'n gedeeltelike noodtoestand ingestel, wat misluk het en gelei het tot die instelling van 'n landwye noodtoestand.

Maar soos ek reeds uitgewys het, die noodtoestand het misluk.

Dit het inderdaad die staat se krisis vererger deur die geweld wat inherent in al die strukture aanwesig is, bloot te stel. Dit sluit die regbank in, wat onder al groter druk van die staat gekom het.

**In wie se hande is die strategiese inisiatief op die oomblik?**

Hoewel die strategiese inisiatief nie ten volle in die hande van die breë demokratiese beweging is nie, is dit ook nie in die regering se hande nie.

Die materiële toestande maak dit ook onmoontlik vir die staat om die inisiatief te herwin.

Die staat is swak op alle fronte, nasionaal en internasionaal, en op alle fronte het die staat misluk om die kollig van die demokratiese beweging weg te neem.

Hoewel die demokratiese beweging ook swakhede het, beteken swakhede aan ons kant nie krag vir die regime nie.

**Wat is die verhouding tussen politieke sentra en die konsolidasie van die demokratiese beweging?**

Die konsep van politieke sentra vereis dat ons ons plaaslike probleme koppel aan die politieke gryp van mag en politieke bewussyn vestig in alle mense, nie net in lede van die demokratiese beweging nie.

Die bewussyn van die mense moet van brood-en-botter-kwessies uitgebrei word na 'n nasionale bevrydingsbewussyn, waaraan alle griewe gekoppel is.

Werkers, veral diegene wat in Cosatu georganiseer is, het nou sentraal betrokke geraak by die uitbou van politieke sentra in die townships. 'n Organiese, eenvormige benadering op grondvlak begin nou ontwikkel.

Politieke interaksie is nie meer beperk tot die leiers van Cosatu en die UDF-affiliate nie.

Die jeug, werkers, vroue en burgerverenigings verenig in die townships, en plaaslike komitees word nou die plaaslike owerhede.

Alle dele van die demokratiese beweging is besig om in die hitte van die stryd te verenig en plaaslike sentra van die beweging te vorm, onder leiding van die Cosatu-UDF-alliansie.

Die krag van die demokratiese beweging soos dit in hierdie plaaslike sentra verteenwoordig word, moet gemeet word aan hul vermoë om in te gryp en te alle tye leiding te gee.

Dit is die werklike politieke uitwerking, en nie die blote meganiese byeenbring van dele van die demokratiese beweging nie, wat die krag van politieke sentra bepaal.

**Wat is jou siening oor die kwessie van alliansies?**

Alliansies word gegrond op minimum konsensus, wat wissel van terrein tot terrein en kwessie tot kwessie.


Die minimum vereiste vir die demokratiese beweging vir optrede in 'n verenigde front is eerlike weerstand teen apartheid-kolonialisme.

Die belangrike uitdaging waarvoor die demokratiese beweging nou staan, is om die verenigde front uit te brei in 'n anti-apartheid-koalisie.

Ons begin sien hoe die NP geleidelik verswak soos wat meer en meer groepe wegbreek van apartheid. Dit is 'n regstreekse gevolg van die stryd wat deur die massa gevoer word.

Ons moet dié groepe by ons stryd betrek terwyl ons terselfdertyd kontak maak met moontlike ondersteuners van apartheid sodat ons die regime daardie steun kan ontsê.

# Identiteitskrisis begin by 'n Vrystaatse toilet



**MAKLIKER GESÊ**

**Annemarie van Wyk**

EK is 'n Afrikaner.

In André Letoit se Suidpunt Jazz begin die hoofkarakter, Timo Bezuidenhout, histeries te lag as hy ontdek hy is 'n Afrikaner.

Ek weet nie waarom hy so lag nie, want ek weet nie wat dit nou eintlik beteken om 'n Afrikaner te wees nie.

Die woord Afrikaner - wat Eugene en sy trawante so rondgooi - het vir my 'n onduidelike betekenis want ek dra nie 'n swastika op my lapel of stem Nasionaal nie.

Toe ek klein was, een Desembervakansie op pad see toe, het ons by 'n klein dorpie stil gehou om 'n draai te loop. Bokant die een toilet het daar gestaan "Europeans" en bokant die ander "Non whites". Ek het nie geweet watter een om te gebruik nie want ek was nóg European nóg non-white. Dit is waar my identiteitskrisis oor my Afrikanerskap begin het - by 'n toilet in die Vrystaat.

Wat beteken dit om 'n Afrikaner te wees? Wat bepaal jou Afrikanerskap?

Sekerlik die feit dat jy in Afrika bly en Afrikaans praat.

Maar is Afrikaans nie maar net 'n Europese bastertaal met 'n paar lekker op die lippe Afrika-woorde soos eina en aikona nie?

Ek is geskool, soos baie ander, op Europese musiek, Europese letterkunde, Europese kos en Europese gewoontes.

Ek weet meer van Shakespeare as Sepamla. Meer van Pink Floyd as Amampondo. Op TV klets hul aand na aand in Amerikaans en oor die radio is daar advertensies vir sjokolade met 'n Switserse smaak.

Tog het ek nog nooit sneeu gesi nie en is 'n White Christmas vi 'n deuntjie van Bing Crosby. L fraai koekies in die patisserie sters van Parys is vir my vreemd c. ek eet eerder pap.

Maar dit maak nie van my 'n inwoner van Afrika met al sy gewoontes, musiek en lewenswyses nie.

Ek weet maar min van die kultuur en geskiedenis van die kontinent. Op skool het ek net geleer van die Groot Trek en die Groot Trek en die Groot Trek tot dit naderhand die Groot Drag geword het.

Ek kan nie Zoeloe praat nie, maar weet 'n mens sê nie fokspas vir faux pas nie.

So vreemd soos wat ek in Londen of Amsterdam voel, so vreemd voel ek in Boksburg of Carletonville.

Hillbrow is nie my huis nie en ek was nog nooit in Soweto nie.

My huis is in die suburbs en ek het lank laas die reuk van grond geruik. Om om 'n oop vuur in die Bosveld te sit met die gelag van hiënas in die verte is 'n verlore droom.

Tog sê die winterreuk van gebrande blare en die geroep van hadedas in die namiddag vir my dis my huis. Hier leef ek en hier sal ek doodgaan. Daar is vir my geen ander heenkome nie.

Ek is 'n basterkind van Afrika.

## Die storie agter die boek wat die polisie gekonfiskeer het

# Casa was 'n mylpaal

**Culture in Another South Africa (Reds. Willem Campschreur en Joost Divendal). Zed Cultural Studies, R36.00 + AVB, tans onbeskikbaar omdat die boeke deur die polisie gekonfiskeer is omdat dit "na bewering gelyste persone aanhaal". WILHELM LIEBENBERG bespreek die boek en sy agtergrond**

**DIE verslag van die Casa**-kongres wat in Desember 1987 in Amsterdam gehou is, gee 'n beeld van een van die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse kultuur. Dit was skaars op die winkelrakke toe die veiligheidspolisie dit konfiskeer.

Culture in Another South Africa was 'n kongres waarby 300 Suid-Afrikaners van binne en buite die land bymekaar gekom het om 'n groeiende alternatiewe kultuur te bevestig en te vier. Dit is van besondere belang vanweë die rigting wat dit aangedui het en die invloed wat dit gehad het op progressiewe kulturele organisasies sedertdien.

Die boek slaag goed daarin om iets van die gevoel van progressiewe kultuur vas te vang. Dit is ryklik geïllustreer met foto's, gedigte en selfs bladmusiek. Dit bied kykies op toneelstukke soos Amandla deur die kultuurgroep van die ANC, Bopha van die Earth Players, en Sophiatown van Junction Avenue Theatre Company. Dit toon die vitaliteit van die Cosatu-koor en die bloedjonkheid van die kinders in die Student Youth Drama Society van Soweto. Daar is 'n volkleurafdeling oor volkskuns wat veral konsentreer op "peoples' parks" in die townships en die versiering van die woonkwartiere van trekarbeiders.

Foto's van Basil Coetzee, die Jazz Pioneers, die Genuines en Dollar Brand verskyn naas die melodieë van Nkosi Sikelel'iAfrika, en liedjies van Miriam Makeba en Dollar Brand.

Daar is gedigte van onder andere Serote, Kgositsile, Marius Schoon, Denis Brutus, Don Mattera, Sipho Sepamla, Breyten Breytenbach en Hein Willemse.

Heelwat van die boek word in beslag geneem deur 'n bestekopname van die ontwikkeling van progressiewe kultuur wat 'n waardevolle agtergrondgeskiedenis verskaf. 'n Mens lees van die geskiedenis van die teater van die eerste alternatiewe jazz-opera King Kong en Athol Fugard se Blood Knot tot die internasionale sukses van Sizwe Bansi is Dead, Woza Albert! en Bopha! en die ontstaan van die Space en die Markteater.

Die fotografiese bydraes van Jurgen Schadeberg, Bob Gosani, Peter Magubane, Alf Khumalo, Eli Weinberg en David Goldblatt word belig en daar word vertel van die rol van Drum en Staffrider en die ontstaan van Afrapix. Mens lees van die geweldige groei van die swart filmbedryf en die rol wat dit speel om tradisionalisme te bevorder, asook van die opkoms van die ANC se eie filmbedryf. Die ontwikkeling van 'n internasionaal erkende inheemse musiektradisie, gekenmerk deur die marabi, die kwela en die mbaqanga, word verduidelik.

Breytenbach, Ingrid Jonker en Stephen Gray word naas Dennis Brutus, Mazisi Kunene, Don Mattera, James Matthews, Oswald Mtshale en ander betrek by 'n beskouing van 'n progressiewe poësietradisie. Daar word gepraat van die poësie wat in die vorm van vryheidsliedere volksbesit word, en van die belangrikheid van 'n verskynsel soos Mzwakhe Mbuli wat die tradisie van die mondelinge poësie verder voer.

In 'n konteks waarin bykans 50 persent van die volwasse bevolking nie kan lees nie, is dit betekenisvol dat sy gedigte in kassetvorm versprei word.

Culture in Another South Africa bied 'n waardevolle oorsig vir enigiemand wat belangstel in die ontwikkeling van 'n nie-rassige, demokratiese, Suid-Afrikaanse kultuur.

Van spesifieke politieke belang is die sleuteltoesprake deur Pallo Jordan, bestuurslid van die ANC, en Barbara Masekela van die ANC se Kuns en Kultuurdepartement, asook die boodskap van die UDF en Cosatu en die resolusies van die kongres wat agterin die boek vervat word.

Dit gaan saam met die ANC se grondwetlike riglyne wat sedertdien verskyn het en die Vryheidshandves waarmee dit saamgelees moet word.

As 'n mens dit alles in oënskou neem, blyk dit duidelik dat die gees van Casa in die grondwetlike riglyne bevestig word. Die Vryheidshandves het in 1955 al by die volkskongres te Kliptown die strewe verwoord dat "die deure van kultuur geopen sal word". Die grondwetlike riglyne spesifiseer verder dat die groei van 'n enkele nasionale identiteit bevorder sal word waarbinne die linguistiese en kulturele diversiteit van die land se mense erken en aan geleenthede vir vrye taal- en kulturele ontwikkeling voorsien sal word.

Casa-resolusies stel verder voor dat die beste uit die kulturele erfenisse van al die land se mense by die bou van 'n demokratiese kultuur betrek moet word, en dat al die tale van die land gelyke status moet geniet.

Daar word spesifiek aandag gegee aan die rol van die vrou in kultuur en aan die rol van godsdiens. Die bydraes van wit, en veral ook Afrikaanse kultuurmense word sterk aangemoedig. Vanuit ANC-geledere blyk daar ook 'n duidelike besorgdheid oor die kwaliteit van progressiewe kultuur. Propaganda en agitprop is nodig, lui die argument, maar daar moet ook kuns van gehalte wees. Daar moet kuns wees wat mens tot die stryd inspireer, maar ook kuns wat uitdrukking gee aan wat dit is om 'n bevryde mens te wees.

**Twee van die belangrikste riglyne is egter dié oor die bou van kultuurverenigings en die kultuurboikot.**

Wat laasgenoemde betref gee Casa die sein dat 'n betekenisvolle nuwe rigting wat ingeslaan is - dié van die selektiewe boikot.

Die benadering is nog steeds dat die apartheidsbestel by wyse van 'n kultuur- en akademiese boikot geïsoleer moet word. Dit geskied egter nie net in die buiteland nie, maar ook binnelands, juis deur die opbou van 'n alternatiewe kultuur.

Die bevordering van 'n progressiewe kultuurbeweging word gesien as iets wat met die internasionale isoleringstrategie saamwerk. Internasionale kontak wat dié saak bevorder word daarom nie geboikot nie. Dit is 'n boikot van die apartheidsbestel, nie van die progressiewe binnelandse alternatief nie.

Oor hoe so 'n selektiewe boikot geïmplementeer moet word, is al baie vrae gevra en dit bly 'n moeilike saak. Die antwoord wat van Casa uitgaan, is dat daar gekonsulteer moet word - iets wat alleenlik na behore kan plaasvind as daar voldoende kanale daarvoor bestaan. Daarvoor, en vir die aanpak van 'n verskeidenheid praktiese probleme wat ook in die resolusie aangespreek word (soos die ongelykheid wat gehandhaaf word deur die besit van kulturele produksie- en verspreidingsmiddele, probleme met kopiereg, finansiering, opvoeding, en die afskeep van terreine soos handwerk en argitektuur) is organisasie nodig.


In Culture in Another South Africa is 'n aantal sleuteldokumente vervat met verreikende voorstelle wat wyd bespreek behoort te word. Dit is jammer dat dit nie meer vryelik beskikbaar is nie; die bepaling van hoe 'n demokratiese Suid-Afrikaanse kultuur daar gaan uitsien, is 'n proses waaraan almal deel moet neem.

# Rive se blik van binne

**Stanley Frielick**

IN sy toespraak voor die Sestigers-konferensie by die Universiteit van Kaapstad in 1972, het Richard Rive gesê:

"The talks at this conference have confined themselves in terms of definition to the role of an internal group of writers and its relationship because of language limitations to a particular segment of an internal society, 'n blik van binne. But what of the view from outside, die blik van buite. For those who build city walls and not cities not only wall themselves in but everything else out."



**Richard Rive, wat verlede maand in sy huis vermoor is, vermoedelik deur diewe**

Anders as baie swart skrywers van sy geslag, het Richard Rive nooit in ballingskap gegaan nie. Maar sy werk is steeds die "blik van buite", van die meerderheid van Suid-Afrikaners in binnelandse ballingskap - en deur na aan sy oorsprong te bly kon hy stem gee aan die gedwonge stiltes van gemeenskappe wat eenkant toe geskuif is.

Hoewel hy sy grootste krag vind in die medium van die kortverhaal, het Rive twee romans en 'n outobiografie, gedigte, drama's, en verskeie belangrike kritiese opstelle geskryf.

Hy is in 1931 in Distrik Ses gebore, waar hy ook grootgeword het.

Hy het 'n BA behaal aan die Universiteit van Kaapstad en 'n lewenslange loopbaan begin in die skryf en onderrig van Engels.

Hy het as student al kortverhale geskryf, maar eers literêre aansien verwerf met sy African Songs, 'n versameling kortverhale wat in 1963 verskyn het.

In 1964 verskyn sy eerste roman, Emergency, oor die onmiddellike gevolge van die Sharpeville-slagting.

Soos die meeste werk deur swart skrywers destyds, is albei boeke verbied, en het Rive, soos hy self ironies opgemerk het, deel geword van "the small elite of South African writers not allowed to read their own works in case they became influenced by them."

Rive het kontak behou met die hoofstroom van Suid-Afrikaanse protesliteratuur, terwyl hy in die vroeë sestigerjare deur Afrika en Europa getoer het. Hy het gesels met bannelinge soos Zeke Mphahlele, Alex la Guma en Ingrid Jonker. Maar hy het vroeg in sy omswerwinge besef wat 'n "terrible price they paid for wanting a glimpse of the world beyond the ghetto walls," en het besluit om in Suid-Afrika te lewe en te werk.

Daar was maar 'n dun stroompie skeppende werk van Rive in die res van die jare sestig en sewentig. Rive het in die tyd gekonsentreer op sy akademiese loopbaan.

Hoewel hy nooit seker was van 'n permanente paspoort nie, het hy in 1966 'n MA van Columbia, New York, behaal, en 'n doktersgraad oor die werk van Olive Schreiner in Oxford in 1974. In die proses het hy 'n internasionale reputasie as skrywer en kritikus opgebou.

Hy het daarna verder by Hewat College in Kaapstad onderwys gegee.

In 1977 het Rive sy Selected Writings gepubliseer, en in 1979 is hy genooi as sleutelspreker by die African Literature Association-konferensie in Amerika.

Sy toespraak, "The Ethics of an anti-Jim Crow", is later uitgebrei tot sy outobiografiese Writing Black - saam met Mphahlele se Down Second Avenue miskien die beste voorbeeld van dié genre in die Suid-Afrikaanse letterkunde.

'n Keur van sy verhale, Advance, Retreat, het in 1983 verskyn, en in 1987 het hy Buckingham Palace - District Six gepubliseer, 'n grootliks outobiografiese roman.

Rive het 'n belangrike aandeel gehad aan die sukses van die blyspel District Six, en het sy roman in 'n drama verwerk - wat binnekort in Kaapstad op die planke gebring word.

Hierdie onlangse opwelling van kreatiwiteit laat 'n mens vermoed dat Richard Rive op pad was na nuwe hoogtepunte as skrywer, en in die lig word sy dood nog sinloser.

Soos talle swart skrywers, het Rive nooit die aandag van plaaslike kritici gekry wat hy verdien het nie, en die omvang van sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse letterkunde sal slegs besef word wanneer die kortsigtige polemiek en ideologiese beperkinge wat die akademiese debat verpes, gaan lê het - soos Rive self gesê het: "African literature can only be understood in terms of universal creativity, without allowances or concessions."

"I cannot be what the propounders of negritude or the African personality cult would have me be. I am Johannesburg, Durban and Cape Town. I am Langa, Chatsworth and Bonteheuwel.

I am discussion, argument and debate. I cannot recognise palmfronds and nights filled with the throb of the primitive. I am buses, trains and taxis. I am prejudice, bigotry and discrimination. I am urban South Africa."


Ravan Press

**Organisation & Economic Change**

**A New Book from Ravan**

**Edited by Alan Mabin, these eight essays explore critical moments in the making of capitalism in South Africa and the relationship between politics and economics in the nineteenth and twentieth centuries. The contributors are Michael Crowder, Bill Freund, Stephen Gelb, Margaret Kinsman, Alan Mabin, Deborah Posel, Chris Rogerson and Leslie Witz.**

**Available from leading bookstores shortly or directly from Ravan Press, PO Box 31134, Braamfontein 2017.**

**Price: R22,95 (plus 13% GST)**

**HOU TRED MET 'N VERANDERDE GEMEENSKAP**

Treffert: Extraordinary People R49.95

Kennedy: Rise & Fall of Great Powers R34.99

Tomaselli: Cinema of Apartheid R29.95

Peters: Thriving on Chaos R32.99

Wilson: The Misfits R24.99

Twerski: When do the Good Things Start? R17.95

**En nog baie meer van**

Campus Bookshop
Berthastraat 34
Braamfontein
Tel 339-1711

**DIE DENKENDE MENS SE BOEKWINKEL**

# Breë beweging teen rassistiese welsynstelsel

Vanaf bladsy 14

ook maar bly. (Dis nou die dinge waarvoor Nietzsche sy handskoene aangetrek het.) Oor die aanroep van voorvadergeeste soos Kruger et al het ek ook my bedenkinge; laat hulle maar grysig skim in die verlede waar hulle hoort, want vir ons tyd het hulle nie juis baie te sê nie. (Oor De Wet byvoorbeeld: Het hy dan nie op die vooraand van die Rebellie in die veld in gebed gewroeg, later die dorp ingevaar en 'n swart man met 'n sambok afgeransel nie? Oh shades of our beautified forefathers to guide our latterday saints!)

En moet ons steeds steekpas op die maat van die Volkstrom onder die ou vaandels die verderf in marsjeer? Moet dit die maatstaf wees, wie se gedrag "volksvreemd" is en wie s'n nie? Stellig beskou die Ariër Du Preez se doen en late as volksvreemd. Krom winkelhaak, nè. Het ek my deur my lewe gehou by alles wat volkseie is, was daar seker weinig wesensverskille tussen die denke van Ariërdissipels en myne.

## Verenigde welsynsbeweging

**William Rowland, lid van die Aksiegroep oor Maatskaplike Dienste, skryf uit Pretoria:**

Dankie vir u koerant se dekking oor onlangse gebeure op die welsynsterrein (Vrye Weekblad 26 Mei). Ek wil net graag die verskil verduidelik tussen verskeie groepe waarvan melding gemaak is.

Die Aksiegroep oor Maatskaplike Dienste bestaan uit direkteurs van welsynsorganisasies, vooraanstaande maatskaplike akademici, senior praktisyns en prominente vrywilligers.

Hulle poog om 'n spesifieke bydrae te lewer vanuit hulle leierskapposisie.

Die onlangse Nasionale Konferensie oor die Welsynsbeleid wat in Johannesburg plaasgevind het, is saamgeroep deur 'n breë alliansie bestaande uit die Koördinerende Komitee oor die Welsynsbeleid, wat vier maatskaplike organisasies verteenwoordig en in Johannesburg gebaseer is, sowel as die Social Workers' Forum in Kaapstad en die Welsynsbeleid Komitee in Durban.

Die organiserende liggame en deelnemers aan die konferensie verteenwoordig 'n massabeweging wat die huidige rassistiese en ondoeltreffende staatswelsynstelsel teenstaan, en wat 'n demokratiese alternatief vir welsyn in Suid Afrika probeer ontwikkel.

Dit is uit die breë beweging dat die inisiatief gekom het vir die opbou van 'n verenigde welsynsbeweging, en nie uit die Aksiegroep oor Maatskaplike Dienste nie.

Laasgenoemde groep beskou hulle as deel van die breër beweging, maar het in die geval nie die leiding geneem nie.

## Gesonde dekonstruksie

**Edward French van Parkhurst skryf:**

Ek moes al lankal vir u geskryf het om u geluk en sterkte toe te wens met u moedige en genotvolle blad.

'n Aantal Engelssprekende lesers het alreeds my gevoelens jeens Vrye Weekblad in die briewekolom beskryf: 'n verligting om deel te voel van 'n breër gemeenskap, en 'n trots en plesier daarin dat ek Afrikaans magtig is.

Al het ek Afrikaans jare lank in 'n professionele konteks gebruik, en al is baie van my vriende Afrikaanssprekend, was dit selde vir my 'n plesier om Afrikaans te lees.

Dié spesifieke trots en plesier is dus 'n nuwe ondervinding, en 'n mens is mos lief vir nuwe ondervindings.

Saam met die taalgebruik en die gesonde gees van dekonstruksie (sigbaar in die ironie en humorsin, en baie konstruktief in die konteks), is die volgende ook lekker:

- Die feit dat Vrye Weekblad beslis nie 'n Afrikaanse weergawe van die Weekly Mail is nie, ondanks sekere gedeelde waardes;

- Die waardevolle "muckraking" (is daar 'n Afrikaanse woord hiervoor?) wat ontoereikend in die Afrikaanse pers voorkom.

Ek voel soms krities oor die neiging, veral in amptelike Afrikaans, om die standaard gebruik van "die" te misbruik. Ons hoor te dikwels van, bv. Dié rol van dié vrou/kind/swarte.

Ek sal nie nou al die aannames en implikasies wat verborge lê in die "korrekte" gebruik probeer ontleed nie, behalwe om te sê dit lyk baie outoritêr.

En dit versterk die stereotipering waarvan ons sukkel om weg te kom. Van tyd tot tyd is Vrye Weekblad nie genoeg op sy hoede teen die gebruik wanneer julle van die sondes van DIE AFRIKANER skryf nie.

Dit help ook nie. Skryf eerder van "sommige Afrikaners" of selfs "baie Afrikaners."

Dieselfde geld ander mense natuurlik ook.

**Tot en met die algemene verkiesing op 6 September mag geen briewe met 'n politieke inhoud sonder 'n naam en volle adres geplaas word nie.**

# Vrye Weekblad KLEINADVERTENSIES

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**

### PERSOONLIK

John, geluk met jou verjaardag. Jy word nou mooi groot - gedra jou sol Jou vrinne

Die Takhare vir Vrede lê dié week laag

### WOONPLEK

Onafhanklike, stil persoon (verkieslike homoseksuele man) gesoek om 'n huis in Bezuidenhoudvallei met een ander persoon te deel. R350 (huur, elektrisiteit en skoonmaakdiens ingesluit). Skakel (011) 614 2989 na-ure.

**Ek soek 'n huis te huur in Melville, Yeoville of Brixton. Bel my by 836-2151. Andrea.**

### DIENSTE

Probleme met rumatiek (artritis)? Skryf aan Rael Simanowitz, Delkloof Mansions 1, Kloofnekstraat, Tamboerskloof, Kaapstad 8001

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige diensplignavrae. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodiste-Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm.

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteunings- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Vir meer inligting skakel (011) 642 4345

Kry jy gereeld jou Vrye Weekblad? Indien nie, skakel Jan van den Bos (011) 836 2151.

**Bondbuster. Is jou verband besig om jou dood te maak? Betaal jou grootste skuld af in die helfte van die tyd. Jou verband kán afbetaal word - gouer as wat jy dink. Vir verdere inligting bel Rhys Bridger by tel (011) 792 2693 (w) of (011) 792 2136 (h)**

Soek vertaalwerk. Engels na Afrikaans. Redelike tariewe. Bel Annemarie by tel (011) 836 2151 (w) of 726 2285 (h)

Spesiale Aanbod: Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk -sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Bel tel: (011) 724 0784

Woordverwerking: Tik, edit, kwaliteit drukwerk. Tel: (021) 472919

**Superleer: Leer 8 keer vinniger. Nuwe tegnieke vir algehele konsentrasie, geheue, doelwitrealisering. Vir toetse, eksamens, skoliere, studente, alle vakke. Effektiewe terugvoer en opvolgklasse. Ook korrespondensie. Skakel (011) 643 4659 of skryf aan: Federated Place 409, Berea 2198**

Vir 'n alternatiewe transaksie op 'n alternatiewe motor deur 'n alternatiewe verkoopsman. Kontak Nick Wildeboer te Bill Troskie BMW, Welkom (0171) 52591

### GEBEURE

Die DJ Opperman-klub vergader Woensdagaand in die Kruithuis op Stellenbosch en beoog om hulself in 'n koma in te drink. Bamboesstokke moet by die deur gelaat word

Vrye Weekblad se telefoonnommer het verander. Die nuwe nommer is 836 2151 en die faksnommer 838 5901

### MARK

Hoekom kan Swapo nie eerlik wees oor die getal gevangenes nie? Ons is! JA-NEE! Sit hand by! Laat die poppe dans! Spesiale Aanbod Unieke Handgemaakte Porselein Handskoenpoppies teen R32 elk (Volledige stel (4) net R120) Stuur tjek/posorder na People's Puppets, Posbus 232, Judith's Paarl 2045 (2-4 weke vir aflewering) Dui aan (a)PIK (b)PW (c)TUTU (d)WINNIE. Ons maak ook u gunsteling karakter. Volgende aan die beurt: FW de Klerk

ZONA in Norwood verkoop eksklusiewe inheemse handwerk en kuns

**Kashgar**

**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566**

Yeoville Books, Cavendishstraat 36, Bellevue. Tel: 648 2002. Die volgende boeke is nou beskikbaar: Feministiese literatuur, Faber en Fabertoneelstukke, Suid-Afrikaanse poësie en Afrikaanse skrywers teen baie redelike pryse

Third World Spectator in Melville verkoop die pragtigste handgemaakte vroue en mansklere in die hele wêreld. Skakel Murray by (011) 726 6615

Die nuwe STET 5-4 het verskyn. Bestel nou by STET, Posbus 39400, Bramley 2018. Die prys is R3,50

Vir Mikro-rekenaars teen die beste pryse asook die beste opvolgdiens, bel vir Paul, Boet of Arrie by PC 2000 (011) 7265885/5919

Gedigte - Geloofsbelydenis van 'n Kluisenaar - Clinton V du Plessis, Hardeband R5 (alles ingesluit). Slegs 100 eksemplare. Bestel by Clinton du Plessis-uitgewers BK, Posbus 547, Cradock 5880. tel (0481) 4113

Te koop: draagbare, elektriese Olivetti tikmasjien. R400. Skakel (011) 487 1239


Vriendelike jong meisie soek 'n klein Staffiebullterrier. Verkieslik 'n teef. Skakel (011) 487-1239 na ure

### WERK

Ek soek iemand om klein herstelwerkies aan my huis te doen. Skakel (011) 487 1239 na ure

**'n Goed opgeleide en verantwoordelike kelner met etlike jare ondervinding in die restaurantbedryf soek dringend nuwe werk. Skakel Karien by 836-2151. en los 'n boodskap.**


JACOB REGOP



**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGSVITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........


Adres: ..........

.......... Poskode: ..........

Telefoon: ..........

**OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK**

# Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!







**Vir R60 (AVB ingesluit) kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingesluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.**

Naam: ..........

Adres: ..........

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/R30

Vrye Weekblad

# Kom reg of bly weg!

**OPSTOPPERS deur Dirk Winterbach**

OM te sê dat die gedugte Comrades-wedloop internasionale aansien en prestige het, is myns insiens nie oordrewe nie. Daarby is dit een van die min groot Suid-Afrikaanse skouspele wat betreklik nie-rassig is.

Maar TV-kommentaar op dié wedloop het veral vanjaar vir my afbreuk gedoen aan die status en waarde daarvan.

Twee, drie jaar gelede het 'n bekende omroeper in 'n pak met 'n mikrofoon 'n ent langs die vroue-atlete gedraf. Dalk was dit sy idee van lopende kommentaar. Eintlik was dit 'n chauvinistiese stelling en boonop hoogs onprofessioneel. Was daar 'n pistool byderhand, het ek op die vent gevuur.

Gelukkig is sulke foefies sedert die koms van Frith van der Merwe buite die kwessie. Sy's net te vinnig daarvoor. En so formidabel dat vroue ten minste vanjaar met respek behandel is.

Maar helaas, kom dit by swart atlete was die omroepers net nie in staat om hulle óf as gewone mense óf as nuwe sportsterre te benader nie. Terwyl Samuel Tshabalala 'n top-prestasie volgens wêreldstandaarde aan die behaal was, is daar met, en oor almal behalwe Tshabalala gepraat.

Willie Mtolo se stryd teen krampe is so histeries gedramatiseer dat Bruce Fordyce moes verduidelik dat dit met almal gebeur.

Die onderhoud met die verbete, later flambojante Tshabalala was pateties. Om van nêrens te kom en die Comrades te wen, is 'n mooi storie. En die emosie daarvan behoort aan ons almal, of ons "sportief" is of nie. Soms voel mens vlugtig saam met 'n sportmens wat die verrassende of bykans onmoontlike regkry. Maar die Comrades-kommentaar was dikwels 'n versperring tussen my en sulke meelewing.

In die wedloop is Mtolo en Tshabalala met Fordyce vergelyk. Dis te verstane. Bruce is die kampioen. Dit was nie rassisties of onprofessioneel om die publiek op 'n triomfantlike oomblik vir die swart atlete, daarop te wys dat hulle sleg afsteek by 'n Fordyce nie. Tough but true.

Maar in die onderhoud met Tshabalala het ek net gevoel daar word verwag dat hy ook soos Fordyce moet kan prâát, en dit was onregverdig en kortsigtig.

Hoewel beskeie, is Fordyce 'n welsprekende ekstrovert wat al baie wentoesprake afgesteek het. Hy het 'n oor vir dramatiese en selfs poëtiese stellings (verlede jaar: "I was racing against that young upstart of a few years back... myself").

Tshabalala gaan nooit só wil praat nie. Maar hy kán sê, onomwonde. En hy was gereed om dit te sê, maar die vrae wou nie kom nie.

Mens kon darem vir 'n man wat sê hy't nie verwag om te wen nie, vra wanneer hy soos 'n wenner begin voel het. Dis 'n doodgewone vraag wat die kyker inlaat op die atleet se ervaring. Jy kan vra hoe hy geoefen het, wat sy volgende doelwit is, hoe hy voel om Fordyce aan te pak.

Maar Tshabalala, 'n reaktiewe spreker wat op vrae wag, is omtrent daarvoor gediskwalifiseer. En daar waai die kyker se meelewing die Republiekdag in.

Die omroeper, wat in my boek soms heel goed vertoon, het gelyk of hy stom wag vir die Engelssprekende om die jaarlikse wentoespraak met flair te kom lewer. Die realiteit was Samuel Tshabalala en onopgesmukte Afrikaans. En weer eens slat ons bearings in 'n vreemde situasie rondom kleur. Tshabalala of Mtolo word dier of marsman, om die dood nie gewone mense wat iets besonders reg gekry het nie.

Verseker het die omroepers dit nie so bedoel nie. Maar dis juis hoekom dit nie dadelik opval nie, en ongemerk die status quo konsolideer. Die blatante rassisme van 'n Wit Wolf wek konsternasie en verkoop Sondagkoerante. Maar ons onvermoë om be-sliste gebare oor die kleurlyn te maak, duur ongemerk voort.

Die Republiek kan baie spoedig een van die wêreld se voorste sportlande word. Die gedagte klink dalk banaal. Maar onthou dis by uitstek 'n terrein waarop swart mense in Suider-Afrika en elders die selfvertroue en vaardighede kan kry om die Eerste Wêreld op eie werf aan te vat. 'n Prominente sportfiguur is vandag 'n rolmodel vir vele, en as sportskrywers en kommentators nie diepte en agtergrond kan gee nie, word die sportheld maklik vir veral jong mense eendimensioneel. Die spel se naam word wen ten alle koste, die wenner bloot die voortreflikste genetiese pakket.

Die kans is egter verbrou en kommentators moet daaraan dink om groot sportgebeure meer in die gees van deelnemers te benader. Hulle hoef nie sportsosioloë of -sielkundiges te wees nie. Maar moet ten minste die betekenis en dinamiek van 'n Comrades verstaan.

Vriendelik dog dringend wil ek waarsku dat ek nie wéér deur so 'n Comrades-kommentaar op Republiekdag wil sit nie. Nee, ons sal dit nie duld nie. Kom reg of bly weg!

# Orakel werp lig op die verlede

WASHINGTON - 'n Antieke Chinese orakelbeen met die woorde "drie vlamme het die son geëet" daarop gegrafeer het moderne sterrekundiges 'n aanduiding van die spoed van die aarde se omwenteling 33 eeue gelede gegee.

Kevin Pang, 'n sterrekundige by Nasa se laboratorium in Pasadena, Kalifornië, sê volgens die inskrywing op die been - wat eintlik van skilpaddop gemaak is - kan afgelei word dat die duur van 'n dag vandag 0,0047 sekondes langer is as in 1 302 vC - die tydperk waaruit die been dateer.

Pang, wat by 'n vergadering van die Amerikaanse Sterrekundige Vereniging in Ann Arbor, Michigan, sy bevindings bekend gemaak het, sê die inskrywing verwys na 'n algehele sonsverduistering.

Op die ander kant van die been, afkomstig van Anyang, die hoofstad van die ou Shang-dinastie, staan daar geskryf: "Voorspeller Ko vra of dit die volgende dag sonnig sal wees of nie."

Die antwoord, op die anderkant van die been geskryf, lees so: "52e dag, mis tot die volgende sonsopkoms.

Drie vlamme het die son geëet en groot sterre was sôn."

Volgens Pang verwys die drie vlamme na kroonstrale van die son wat slegs sigbaar is gedurende 'n algehele sonsverduistering.

Hy en sy span het met rekenaars probeer uitwerk of daar enige sonsverduisterings tydens die Shang-dinastie in China plaasgevind het.

Dit het geblyk dat sonsverduisterings op twee verskillende datums - wat volgens die inskrywing beide op die 52e dag van die ou Chinese maand van 60 dae plaasgevind het - wel moontlik was.

Die span het probeer om elke datum met ou rekords van sonsverduisterings gedurende die tydperk te bevestig.

Die datum is as 5 Junie 1305 vC vasgestel.

Die finale stap was om 'n rekenaarmodel van die aarde se omwenteling te gebruik om vas te stel hoe vinnig die aarde moes omwentel om 'n sonsverduistering by Anyang op daardie datum moontlik te maak.

**MY WÊRELD!**

As die aarde se omwenteling vinniger of stadiger was, sou die verduistering oos of wes van Anyang plaasgevind het en sou die algehele verduistering nie daar sigbaar wees nie.

Volgens die navorsingspan se berekenings moes dié dag 0.0047 sekondes korter wees as daglengtes vandag.

Die been is deel van 'n versameling wat tydens uitgrawings by Anyang, sowat 500 kilometer suidwes van Beijing, gevind is en is nou in die besit van die Chinese Akademie vir Wetenskap in Taiwan.

Ongeveer 160 000 orakelbene is sedert die begin van die twintigste eeu in die gebied opgegrawe - AFP

## Eerder dood as oujongnooi

NIEU-DELHI - Drie vroue in die suidelike staat van Kerala het selfmoord gepleeg, en volgens die polisie was dit 'n geheime sameswering.

Die vroue - twee 20 jaar oud en die ander 19 - het in 'n woud in die Trichur-distrik gif gedrink. Hul lyke is die volgende dag deur inwoners van die dorpie Wadakkancherry gevind. Tradisioneel moet vroue in die Kerala-staat self hul bruidskat insamel, wat beteken dat van hulle arm bly en oujongnooiskap in die gesig staar.

# Marcos se vrou dalk gou op treffersparade

HONOLULU, Hawaii - Die voormalige presidentsvrou van die Filippyne, Imelda Marcos, het haar eerste langspeler uitgereik en werk nou aan 'n video.

Dié plaat is 'n versameling van liefdesliedjies aan haar man, oud-president Ferdinand Marcos, wat sedert Januarie in 'n kritieke toestand in die St Francis-kliniek is.

"Dit is nog alles baie nuut vir my, maar dit is wonderlik om erkenning te ontvang vir iets positief, iets moois, soos musiek," het sy met die bekendstelling van die langspeler gesê. Imelda Papin, 'n bekende Filippynse sangeres, sing ook op die plaat.

Die langspeler, Imelda Papin featuring songs with Mrs Imelda Romuladez Marcos, sal in die Filippyne, Oos-Asië, Europa en die VSA uitgereik word.

Marcos se winsaandeel sal aan die St Francis Foundation geskenk word. - AFP

## Dié week in die nuus

### Suider-Afrika



**'N BRIEF** van staatspresident PW Botha aan die voormalige minister belas met die SAUK, Alwyn Schlebusch, word gepubliseer waarin Botha sy ontevredenheid met die paneel van kenners tydens TV-verslaggewing van die 1978-verkiesing uitspreek. Dit word ook bevestig dat Botha dié aand self vir Sakkie Burger van die SAUK opgebel en gekla het. Dié gebeure het daartoe gelei dat Carel van der Merwe in Burger se plek as die SAUK se nuushoof aangestel is.

**Die hoof** van die SA Raad van Kerke, Frank Chikane, se onlangse siekte terwyl hy op besoek aan Amerika was, is te wyte aan vergiftiging. Die gif was in sy bagasie.



**Die Britse** ambassade verdedig sy beleid jeens Suid-Afrika ná 'n aanklag van Cosatu dat Brittanje kop in een mus is met die NP-regering. 'n Britse Sondagkoerant skryf dat Margaret Thatcher by die NP-regering gaan aandring dat Mandela onvoorwaardelik vrygelaat moet word.

**Nelson Mandela** sê aan nog 'n besoeker wat by hom toegelaat is, Amina Cachalia, hy dink nie hy gaan vanjaar vrygelaat word nie. Mandela se dogter, Zenani, ontvang namens hom die Ghadaffi-prys vir menseregte in Tripoli.


**Die staatsadvokaat** in die Barend Strydom-saak, Paul Fick, ontvang verdere dreigemente - dié keer dat die kop van 'n mens by hom afgelewer gaan word.

**Drie voormalige** lede van die Rhodesiese veiligheidsmagte word in Harare vir 40 jaar tronk toe gestuur weens hul hulp aan Suid-Afrikaanse aanvalle op ANC-geboue in Harare in Mei 1986.

**Boland Bank** sê in sy ekonomiese oorsig van Junie dat Suid-Afrikaners oormatig pessimisties is oor die ekonomie. Sankorp se Marinus Daling sê die werklike per capita bnp het sedert 1975 met 1,3 persent per jaar gedaal. Teen volgende jaar sal die lewenstandaard net 86 persent van dié van 10 jaar gelede wees.

**'n Sleutelfiguur** in die Natalse vredesinisiatief, die UDF se Archie Gumede, word ingeperk. Die inperkings op die UDF se Azhar Cachalia, ANC-veteraan Govan Mbeki en verskeie ander aktiviste is verskerp.

**Die terugkeer** van Namibiese bannelinge begin. Sowat 40 000 word in die volgende weke terugverwag.



**Die aangewese** staatspresident, FW de Klerk, sê in 'n onderhoud met die Britse Financial Times sy eerste prioriteit gaan 'n nuwe grondwet wees "om 'n heeltemal nuwe Suid-Afrika daar te stel wat vry sal wees van onderdrukking."

**Drie jong** blankes - Damien de Lange, Ian Robertson en Susan Donelly - word in die Pretoriase streekshof weens terrorisme skuldig bevind.

**Vier swartmense** is gewond in 'n bomontploffing onder 'n polisiewa langs Duduza se sokkerstadion.

Twee leiers van die Zimbabwe Unity Movement verdwyn, en party-leier Edgar Tekere blameer die polisie. Zimbabwese weermagdokters word in hospitale ontplooi om dokters te vervang wat staak vir hoër salarisse.

### Internasionaal

**Meer as 500 aktiviste** word in Beijing in hegtenis geneem tydens 'n wye veldtog teen die protes vir die demokratisering van China. Heelwat studenteleiers gaan ondergronds. Die Chinese polisie reik 'n lasbrief uit vir die inhegtenisname van die land se bekendste afvallige, Fang Lizhi en sy vrou wat in die Amerikaanse ambassade skuiling hou.

**Samesprekings begin** tussen Soedan se Moslem-regering en die Christene in die weerstandsbeweging van die suide.

**Sowat 17 000 Meskethiaanse** Turke word na veiligheid in die Russiese republiek geneem uit vrees vir die etniese geweld in Uzbekistan wat al tot die dood van meer as 100 mense gelei het.

**Brittanje beloof** beleggings van meer as R100 miljoen en 'n herskedulering van Pole se buitelandse skuld ná die aankoms van die Poolse leier, Wojciech Jaruzelski, in Brittanje.

**Die Argentynse president**, Raul Alfonsin, kondig aan dat hy einde vandeesmaand sal bedank en dat sy opvolger, Carlos Menem, vroeg in Augustus al ingesweer sal word.

**President Mikhail Gorbatsjof** van die Sowjet-Unie is op besoek aan Duitsland.

Hy is vol lof vir president George Bush se voorstelle om Amerikaanse en Sowjet-troepe in Europa te verminder. Gorbatsjof en Helmuth Kohl onderteken 'n verklaring wat hulle verbind aan pogings om die na-oorlogse verdeling van Europa te beëindig.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill.

TENNIS:

# Jong Turke kondig nuwe era aan

Jakkie Pentz

MENSE wat nog na Madonna luister en skaars die draadjies van hul tande af het, is nou die voorste rakketswaaiers in wêreldtennis.

## Chang

Dié Jong Turke is besig om die tennisbane van die wêreld oor te neem. Michael Chang en Arantxa Sanchez is met hul oorwinnings in die Franse Ope aan die voorpunt van dié aanslag. 'n Nuwe era het begin.

Chang - 17 jaar en vier maande oud - het die jongste speler geword om die Franse Ope te wen deur die Sweedse Wimbledon-kampioen, Stefan Edberg, te klop.

Dit is ses maande jonger as Wilander wat ook as 17-jarige die Franse Ope in 1982 die eerste keer gewen het.

Sanchez het ook as 17-jarige die jongste vrou geword om die Franse Ope te wen. Sy is ses maande jonger as toe Steffi Graf die Ope in 1987 gewen het.

Dit het dié week duidelik geword dat tennis 'n sport vir jongmense geword het.

In die een halfeindstryd het die 15-jarige Joego-Slaaf, Monica Seles, byna vir die opskudding van die jaar gesorg toe sy in drie taai stelle teen die 19-jarige "veteraan" Steffi Graf verloor het.

Vroeër is die 19-jarige en tweede gekeurde Gabriela Sabatini deur die 17-jarige Mary-Joe Fernandez uitgeskakel, wat op haar beurt weer teen die 17-jarige Sanchez verloor het.

Hoe lyk dit in Suid-Afrika? Is ons jong spelers deel van die Jong Turke, of raak ons mense se tekkies pap as hulle teen die groot name moet speel?

Van die Suid-Afrikaners by die toernooi het die junior Amanda Coetzer die beste gevaar deur die vierde rondte te haal. En daar het dit ook opgehou.

Uit die ouderdomme van die internasionale tenniswonders is dit duidelik dat dit te laat is om ná matriek of voltooiing van militêre diensplig te begin konsentreer op beroepstennis.

## Amerika

Doen Suid-Afrika genoeg om jong talent te bevorder en om hul voor te berei vir die strawwe mededinging waaraan hulle op die internasionale kringloop blootgestel word?

Johan Barnard, president van die Suid-Afrikaanse Tennisunie, sê jong spelers neem aan provinsiale oefengroepe deel waar hulle gekeur word. Daarvandaan word hulle dan jaarliks na die Orange Bowl in Amerika gestuur waar hulle teen hul onderskeie ouderdomsgroepe deelneem.

Satu eksperimenteer in die stadium ook met die o/12-ouderdomsgroep om talent op 'n nog jonger ouderdom te begin ontwikkel.

Vir jong manspelers is daar ook die probleem van die weermag wat reg aan die begin, of dikwels in die middel van hul tennisloopbane staan. Johan Kriek het sy loopbaan met welslae oorsee gaan voortsit nadat hy moes kies tussen sy loopbaan of diensplig.

## Nie-rassig


Nie-rassige tennis sukkel nog meer. Daar is 'n gebrek aan fondse as gevolg van die Suid-Afrikaanse Tennisvereniging se politieke standpunt. Dit word as buitengewoon beskou as 'n junior soos Yusuf Mohammed oorsee gestuur word vir afrigting.

Tennis is een van die sportsoorte wat die minste deur die sportboikot teen Suid-Afrika getref word omdat spelers professioneel oorsee gaan deelneem en feitlik nie "gepla" word deur die boikot nie.

Dit lyk tog asof ons jong spelers òf nie die mas kan opkom, òf nie die hoë standaard as jong spelers kan handhaaf nie.

In die sewentigerjare reeds het Schalk van der Merwe, net soos Ivan Lendl, die junior Wimbledon-titel verower, maar mettertyd gevind dat die druk van internasionale tennis te groot was.

Talent blyk nie meer genoeg te wees nie. Suid-Afrika sal sy juniors ook geestelik moet bystaan om die druk van internasionale tennis te kan verwerk, voordat ons 'n Botha of Ntuli in dieselfde asem as Chang en Sanchez kan noem.



John Ngugi

LANDLOOP:

# Ngugi het die wêreld aan sy voete

JOHN NGUGI van Kenia se voete het hom 'n plek besorg in die Guinness Book of Records. Nie omdat hulle groot of klein is nie, of omdat hy dertig tone het nie.

Dié voete het hom in vier wêreld landloopkampioenskappe eerste oor die wenstreep gedra en hom die eerste persoon gemaak om dit vier keer agtereenvolgens te wen.

Ander atlete, insluitend Jack Thomas Holden, die Algeryn Alain Mimoun O-Kacha, en Gaston Roelants het die item vier maal gewen, maar nie na mekaar soos dié Keniaan nie.

Die beroemde Carlos Lopes van Portugal het die wedren drie maal gewen. Sedert 1986 is John Ngugi egter onkeerbaar.

Sy mees onlangse oorwinning in Stavanger, Noorweë, is 'n voorbeeld daarvan.

Dit was die eerste keer dat die kampioenskap so ver noord gehou is - die Arktiese sirkel is 'n halfuur se vlug daarvandaan. Hoewel warm seestrome die stad se klimaat matigend beïnvloed, is gemeen dat die koel klimaat Ngugi sou verhoed om sy 1988 Auckland-oorwinning te herhaal.

Nie Ngugi of die organiseerders kon voorspel hoe erg die toestande sou wees nie. Op die dag van die wedloop het dit vir ses ure lank gereën en die baan is omskep in 'n nat, taai en gevaarlike roete. Dit vereis voortdurende aanpassings van pas, balans en ritme en stel enorme eise aan die atleet se stamina.

Dit was 'n geveg van die vasbyters en die groot vraag was: Sal Ngugi, wat altyd broos lyk, die staal hê om uit te hou tot die einde?

Die Keniaan het al dié vrae op sy eie uitsonderlike wyse beantwoord. Hy het aan die begin agter rondgehang om spykers in sy hakke te voorkom en om sy voetwerk uit te werk vir die verraderlike roete. Skielik het hy versnel na die voorste posisie en daar gebly tot die einde.

Ondanks Ngugi se buitengewone oorwinnings, bly hy ietwat van 'n geheimsinnige kêrel. Dié lang, effens slungelagtige Keniaan is saggeaard en kies sy woorde versigtig.

Hy is een van 'n arm kleinboergesin van 16 kinders. Sy atletiekloopbaan het op laerskool begin. As seun het hy talle wedlope gewen en bruikbare artikels soos wasbakke, skottels, en handdoeke gewen. Hy was so suksesvol en het op 'n keer gesê hy kan 'n klein winkeltjie begin met al sy pryse.

Hy is nou 22 jaar oud en het reeds 'n reeks internasionale titels agter sy naam. As alles goed gaan lê daar minstens nog agt jaar se hardloop voor.

Sal Ngugi hom bewys as die grootste hardloper van alle tye? Die tyd sal leer. - New African (Londen)

RUGBY:

# Weeskinders kry wéér die agterspeen

Chris van Vuuren

DIE weeskinders van Suid-Afrikaanse rugby, die Curriebeker B-afdeling en Santambank Trofee-unies (die ou Sport Pienaar), gaan vanjaar weer eens aan die agterspeen suig wanneer die sewe wyses bymekaarkom om 'n Springbokspan te kies.

Toegegee, daar gaan wel 'n B-afdelingspan gekies word wat in die hoofvoorwedstryd met die Noord-Suid-stryd op 1 Julie op Ellispark, teen die Santambank Trofee-unies te staan kom. Dit is bloot om hulle te paai.

Wie dink die keurders bluf hulle nou eintlik?

Met die uitsondering van die B-afdeling-dag in Kimberley - waar dit in elk geval só gereën het dat niemand iets kon wys word nie - was nog net Abé Malan by een van hul wedstryde gesien.

Dougie Dyers sien darem ook dié spanne wat teen sy Westelike Provinsie Liga speel.

'n Mens aanvaar dat dit 'n onbegonne taak vir die sewe keurders is om by al die wedstryde uit te kom, maar dit is seker nie nodig om net by die A-afdelingwedstryde saam te koek nie!

Soos sake nou staan, is die spel besig om onheilspellend op die platteland te kwyn. Regstreekse beeldsending van A-afdelingwedstryde hou die gemaksugtige rugbypubliek - wat ook veels te lekkerbekkig geword het - voor die kassie.

Dit is dan ook hul verdiende loon as hulle deur wedstryde moet worstel wat so opwindend soos 'n Sondagmiddaguitstappie in Bloemfontein is.

Aanvaar dit nou maar - wedstryde in die B-afdeling ís opwindend.

Kyk net na die nuwe held van Loftus-Versfeld - Deon Oosthuysen. Dié sensasie is grootgemaak in die B-afdeling toe hy vir Wes-Transvaal gespeel het.

Almal, die media inkluis, staar hulle blind teen die sogenaamde groot kanonne. In die proses word die kleiner bonde afgeskeep en dít is waar die rowwe diamante geslyp word, voordat hulle weggelok word.

Suidwes en Noord-Vrystaat is uitstekende voorbeelde. Verlede seisoen het die Biltongboere die A-afdeling vanuit die B-afdeling betree en derde geëindig.


Vanjaar het Noord-Vrystaat uit dieselfde oord tussen die grotes beland en hulle afgeslag. Vra maar vir WP én OP.

Dit lyk of die nasionale keurders al lankal hul padkaarte na plekke soos Potchefstroom, Springs, Kimberley, Sasolburg en Witbank verloor het. Ek kies 'n span wat hulself deeglik in enige geselskap sal laat geld.

Neem kennis wyses: Wessel van der Merwe (WTvl); Michael van Tonder (SOTvl), Nico Botha (GW), Ertjies Durheim (OTvl), Jan du Toit (WTvl); Chris Maree (WTvl), Eugene Hare (WTvl) (k); Dolf Jonker (WTvl), Tjaart van der Walt (OTvl), Flip van der Merwe (WTvl); Leon Stapelberg (SOTvl), Dennis van Zyl (GW), James van Rensburg (Vaal), Braam Botes (Vaal), en Don Berry (WTvl).

VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 15 Junie 1989



Die jong sterre van die People's Theatre se opvoering van Charlie and the Chocolate Factory wat op 29 Junie in die Intimate Theatre, Braamfontein begin: Leon Torres, Bonnie Hill, Mokhele Mohapi, Flora Mtolo en Regan Ryan. The Chocolate Factory is 'n werk van Roald Dahl

# Moedig AA Vita en M-Net sensuur aan?




WAYNE BARKER, een van die opwindendste jong kunstenaars in Suid-Afrika, stal tot 8 Junie uit in die Markgalery.

Baker, wat in 1963 in Pretoria gebore is en aan die Universiteit van Kaapstad in die skone kunste gestudeer het, het al aan verskeie groepsuitstallings deelgeneem: by die Markgalery, die Art House, die Kunsstigting, Gallant House en verskeie privaatgalerye. Hy woon en werk in die midel van Johannesburg en is bekend vir vernuwende hantering van onkonvensionele materiale.

Barker sê van sy eie werk:

"Ek werk met beelde wat kom uit die alledaagse Suid-Afrikaanse lewe. Omdat ek in die middel van Johannesburg leef en werk, is ek omring deur straat- en mediaverwysings wat ek in my werk inkorporeer. Daar is beide 'n oppervlakkige en 'n subliminale interaksie tussen teksture, produkname, stereotipes en argetipes. Hopelik sal dit vir die kyker voel of hy of sy in 'n spieel kyk."

SOOS die benoemings vir die omstrede rolprentpryse wat deur AA Life en M-Net (ook bekend as die Vita-pryse) geborg word, word al meer vrae oor die geloofwaardigheid van die toekennings gevra.

Die eerste benoemings is reeds bekend, waarvan een van die prente verbied is. Twee van die regisseur Darrell Roodt se prente, Jobman en The Stick, het die eindronde gehaal, maar The Stick is deur die Publikasieraad se Appèlraad verbied.

Die organiseerders moes spesiale verlof kry om The Stick, 'n oorlogsprent wat, hoewel name en plekke nie genoem word nie, iewers op die "grens" afspeel, aan die beoordelaars te vertoon. Maar sou die prent wen, sal probleme ontstaan omdat die prys vir die beste rolprent (wat R200 000 beloop) 'n vertoning op M-Net insluit en sonder 'n sertifikaat van die raad kan 'n prent nie vertoon word nie.

Anant Singh, die vervaardiger van The Stick, weier lank reeds om die sewentig snitte te maak waarvoor die Appèlraad gevra het.

Die raad was selfs nie bereid om toestemming te gee om die prent op rolprentfeeste te vertoon nie.

Singh sê die snitte sal die prent se anti-oorlogboodskap meer as bloot afwater... dit sal dit soos 'n gewelddadige aksieprent laat lyk.

Singh sê hy redigeer aan nog 'n weergawe van The Stick vir Kanadese en Amerikaanse televisie. Indien die prent wen, is dit die weergawe wat Singh aan M-Net sal voorlê.

Dus sal die prent wat mense op televisie sien, nie die prent wees wat die beoordelaars aangeprys het nie.

M-Net se betrokkenheid by die pryse besorg van die beoordelaars hoofbrekens.

**ANDREA VINASSA**

Hulle meen deur deel te hê aan 'n prysstelsel wat sensuur as 't ware aanmoedig, hulle geloofwaardigheid op die spel geplaas word. Toevallig is van die beste prente dié soort waaraan die publikasieraad 'n afkeur het.

Die vervaardigers en regisseurs van verbode prente soos Shot Down en The Shadowed Mind het nie eens moeite gedoen om hulle prente in te skryf nie.

'n Interessante geval is Mapantsula, wat verbied is, maar op video uitgereik mag word.

Die vervaardiger, Pierre Montocchio, het besluit om die prent te sensureer sodat dit in aanmerking vir die prys kan kom en ook versprei kan word.

Die regisseur, Oliver Schmitz, die hoofspeler, Thomas Mogotlane, en die Australiese vervaardiger, David Hannay, het hulle van Montocchio se optrede gedistansieer.

Montocchio sê hy het lank en hard gedink voor hy besluit het om die sewe minute te sny omdat hy meen "dit is belangrik dat Suid-Afrikaners die prent te sien kry".

Schmitz meen egter dat die snitte die betekenis van die prent fundamenteel sal aantas en die anti-apartheidboodskap vernietig.

Die saak kan nie opgelos word nie want Schmitz, Montocchio en Hannay is op die oomblik in die buiteland.

Daar is egter geen beswaar teen Darrell Roodt se prent Jobman nie. Dit is gegrond op 'n kortverhaal van Achmat Dangor en handel oor 'n doofstom man wat deur die bruin en die wit gemeenskap verwerp word.

Kevin Smith speel die hoofrol en die draaiboek is deur Greg Latter en Roodt geskryf.

Mahlathini en Art of Noise - 2

Die mistieke snykant van kuns - 3

Townshipteater: minder preek, meer plesier - 3

Die Lappe se eerste rolprent is 'n legende - 5

Die twee gesigte van David Bowie - Haakvas - 2



Alf Kumalo se uitstalling Women: photographs from a press photographer's files, is 'n huldeblyk aan Suid-Afrikaanse vrouens. Die foto's wissel van die plattelandse vrou op die landerye, tot die toegewyde politieke aktivis in die stad.

Kumalo - wat nou vir The Star werk - het 36 jaar gelede begin werk as deeltydse verteenwoordiger vir die koerant The Bantu World.

Hy het daarna gewerk saam met topskrywers van die Drum-era soos Henry Nxumalo, Can Themba, Bloke Modisane, Es'kia Mphahlele, Stan Motjuwadi en die fotograwe Bob Gosani, Jurgen Schadeberg, Peter Magubane, Walter Pitso, en Ernest "Cole" Kole. Hy werk tans aan sy eerste fotografie-boek.

Die uitstalling duur tot 8 Julie by die Markgalery.

